GRONDHERVORMING

'N CHRISTELIKE STANDPUNT EN OPTREDE

DOEL
Enkele gedagtes en perspektiewe om die gesprek rakende grondhervorming te stimuleer

Kopiereg © AMOS AGRIMIN

Weergawe 4 / 22 Augustus 2003

AMOS AGRIMIN (Vereniging ingelyf kragtens Artikel 21. Registrasienommer 2001/020498/08)
Posbus 17270
Bain's Vlei
9338

Tel: 051 451 1981
Faks: 051 451 1598
E-pos: info@amosafrica.net
Tuisblad: www.amosafrica.net

ISBN 1-920002-04-9

Inhoudsopgawe

VOORWOORD 3

INLEIDENDE OPMERKINGS 4

HOOFSTUK 1
'N NUWE REËLING OOR GROND 9

HOOFSTUK 2
DIE HUIDIGE SITUASIE IN DIE LIG VAN DIE SKRIF 10

HOOFSTUK 3
BEMAGTIG BLANKE KOMMERSIËLE BOERE 15

HOOFSTUK 4
BEMAGTIG OPKOMENDE KOMMERSIËLE BOERE 19

HOOFSTUK 5
STRUIKELBLOKKE IN DIE WEG VAN ONTWIKKELING -
MAAR WAT DEEL IS VAN DIE TRADISIONELE AFRIKA KULTUUR 24

HOOFSTUK 6
BASIESE VAARDIGHEDE (ROOT SKILLS) 28

HOOFSTUK 7
DIE BEMAGTIGING VAN PLATTELANDSE GEMEENTES 34

HOOFSTUK 8
SLAGGATE 36

HOOFSTUK 9
'N PLAN OM MEE AF TE SKOP...? 38

SLOT 40

VOORWOORD

Hierdie is ***'n unieke kleingroepstudie*** - iets heeltemal anders as die normale studies wat deur *AMOS* uitgegee word. Dis ***'n voorlopige dokument*** en die ***doel daarvan is om enkele gedagtes en perspektiewe op die tafel te plaas ten einde die gesprek oor grondhervorming in landboukringe, onder Christenboere en in die kerk te stimuleer.***

Die inhoud is aanvanklik in die ***vorm van 'n voordrag tydens 'n werkswinkel*** aangebied. Die werkswinkel wat deur EVTO *(Eenheid vir Voortgesette Teologiese Opleiding aan die Universiteit van die Vrystaat)*, in samewerking met SKLAS *(Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die NG Kerk in die Vrystaat)*, te Kroonstad gereël is, het op 9 Junie 2003 plaasgevind. Sedertdien het ek verskeie versoeke van ander boere ontvang om die notas ook aan hulle beskikbaar te stel, aangesien hulle heel dikwels in gesprekke en op vergaderings is waar die saak bespreek word. Hulle wil graag toegerus en gehelp word om ook ***as Christene*** sinvol aan dié gesprekke deel te neem.

Daarom het ek besluit om my aanvanklike notas meer volledig uit te skryf en enkele gedagtes by te werk, en dit dan as 'n tipe kleingroepstudie aan al ons geregistreerde lede te stuur. Die notas is egter op talle plekke steeds kripties, maar dit behoort nogtans duidelik genoeg te wees om jou gedagtes te stimuleer.

Ek wil jou uitnooi om asseblief op hierdie studiestuk te reageer. Jou kommentaar oor die geheel en/of oor spesifieke punte, sal my baie help om die studie steeds te verbeter. Moenie jou bydrae onderskat nie. Die Here kan dit tot seën vir ons almal maak.

Indien die Here dit op jou hart lê om 'n positiewe bydrae tot grondhervorming te lewer, móét jy asseblief met my skakel.

Hennie Viljoen

INLEIDENDE OPMERKINGS

Opdrag 1

Sonder om jou hand op te tel en sonder om twee keer oor dieselfde lyn te beweeg, ***trek vier reguit lyne wat deur al nege kolletjies gaan.***



(Die oplossing vir hierdie uitdaging vind jy heel agter by die slotopmerkings. Kyk daar as jy nie regkom nie, maar moenie te gou tou-opgooi nie. Ek kom later terug na hierdie nege kolletjies.)

1. **Ek vertrou God in die lewe van ons boere!**

   Net so verbaas as wat die wêreld in 1994 was toe Suid-Afrika nie in vlamme opgegaan en in 'n bloedbad geëindig het nie, net so verbaas gaan hulle staan oor die suksesvolle grondhervormingsproses in ons land. Ek vertrou ons Vader met my hele hart dat Hy aan ons as Suid-Afrikaanse boere die geloofsmoed, wil, wysheid, insig, kennis, praktiese vaardigheid en deur-settingsvermoë sal gee om die uitdaging wat grondhervorming voor ons lê, met albei hande aan te gryp en 'n sukses daarvan te maak, 'n voorbeeld vir Afrika en die res van die wêreld. Ek droom van die dag dat Suid-Afrikaanse boere *(wit, swart en bruin)* die agting van die wêreld sal geniet en uitgenooi sal word om te getuig van die wonder wat hier plaasgevind het! Ek glo met my hele hart dat God nie landbou wil gebruik om Afrika te kelder en in ellende te dompel soos wat in Zimbabwe gebeur het nie. In en deur die landbou wil Hy vir Afrika sorg. Hy wil my en jou gebruik om vir Afrika en vir landbou in Afrika tot seën te wees. Aan dit wat God gaan doen, wil ek deel hê, en ek glo jy ook!

   (***Kom ons doen alles wat moontlik is en vertrou God om die onmoontlike te doen!***

1. **Hoeveel grond het 'n man nodig?**
Lees die aangrypende verhaal uit *"Stories vir die lewe"*, saamgestel deur Piet Naudé. Die verhaal is geskryf na aanleiding van 'n Russiese verhaal van Leo Tolstoi - 1886. Gierigheid het gemaak dat die man uiteindelik wel die grond gekry het, maar sy lewe verloor het. Piet sluit die verhaal af met 'n paar spreekwoorde: *"Hy wat weet dat genoeg genoeg is, sal altyd genoeg hê"* (Lao-Tze). *"Nederige harte het nederige begeertes"* (Franse spreekwoord). *"Hoe kleiner die begeerte, hoe groter die vrede"* (Chinese spreekwoord). *"Wat help dit 'n mens tog om die hele wêreld as wins te verkry en sy lewe te verloor?"* (Jesus Christus in Markus 8:36).
(***Oppas, gierigheid kan jou jou lewe kos. Oppas om ten alle koste vas te klou aan, of te gryp na grond. Die verkeerde hantering van grondhervorming kan maak dat almal alles verloor.***

2. God se boer, saam met God se mense, op ***God se grond,*** tot God se eer. Hierdie doelstelling van *AMOS AGRIMIN* verklaar dat ***God die primêre Eienaar*** van alle landbougrond is *(Levitikus 25:23 en Psalm 24:1).* Daarom behoort Hy ook die ***eerste en laaste sê oor grondhervorming*** te hê. Dit plaas 'n baie groot verantwoordelikheid op die Kerk, *AMOS* en elke Christen wat aan die gesprek deelneem. Ons almal sal met 'n fyn oor moet luister *(eerstens na God, maar óók na dié wat grond het én dié wat nog nie grond het nie)* alvorens ons in diepe afhanklikheid van God en in groot nederigheid aan die gesprek begin deelneem. Soos Moses, in die geval van die dogters van Selofgad *(Numeri 27:1-11)*, moet ons ook maar weer gaan uitvind wat God oor dié aangeleentheid sê. *(Lees meer oor Selofgad se dogters in hoofstuk 1 van hierdie studie.)*
(***Onthou oor Wie se grond ek en jy praat!***

3. Tydens my navorsing oor grondhervorming, het ek diep onder die besef van my ***eie beperkte insig*** gekom. Hierdie saak het baie kante. Om grondhervorming te laat slaag, ***benodig ons baie raadgewers se insette*** - veral ook die insette van dié wat van ons verskil *(Vgl. Spreuke 11:14 en 15:22).* Wie hom omring met raadgewers wat almal uit dieselfde hoek na 'n saak kyk, is dwaas. Dit bring geen nuwe insigte nie. Almal sal na al die ander moet luister en niemand mag uit die staanspoor van die gesprek uitgesluit word nie.
(***Praat met, en luister ook na mense wat nié soos jy dink of voel nie.***

4. ***Dis nié die eerste keer dat grond in Suid-Afrika "herverdeel" word nie.*** Ons het dus eintlik te doen met 'n ***tweede grondhervorming.*** *(Hier verwys ek graag na die verslag van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake wat in 2002 voor die Algemene Sinode van die NG Kerk gedien het. Die volledige verslag is in die agenda van die sinode opgeneem en kan dus by enige leraar van die NG Kerk verkry word. Dis die moeite werd om die verslag van ses bladsye aandagtig deur te lees. Net punt 8.4 van die verslag, word hier aangehaal.)*

8.4 'N HISTORIESE PERSPEKTIEF OP GRONDBESIT IN SUID-AFRIKA

8.4.1 Swart mense meen dat die grond wat tradisioneel aan hulle voorvaders behoort het van hulle afgeneem is deur die voorsate van hulle wit landgenote. Sommige koester hieroor selfs 'n wrok. Of hierdie persepsie korrek is al dan nie, dit is 'n feit dat blankes hulle vanweë die nalatenskap van die koloniale era en spesifiek die apartheidsbeleid wat grondbesit betref in 'n bevoorregte posisie bevind. In dié verband het die beskerming en bevoorregting van blankes deur diskriminerende wetgewing ten opsigte van eiendomsreg, werkafbakening en grondreservering 'n groot rol gespeel.

8.4.2 'n Reeks wette het gedurende die vorige eeu grondbesit in Suid-Afrika bepaal, gebaseer op die konsep van territoriale segregasie en die skeiding van grondregte tussen blank en swart. Die belangrikste hiervan was die *Wet op Grondbesit van 1913* (Native Land Act). Hierdie wet, die eerste in die twintigste eeu wat groepsgebiede sou bepaal, het die land in sy geheel aan blankes toegesê, met die uitsondering van sekere gebiede wat vir swart mense opsy gesit is. Daarna het die *Ontwikkelingstrust en Grondwet van 1936* (Native Trust and Land Act) gevolg, wat aan swart mense 13,7% van die land toegeken het vir permanente verblyf, en waaraan ook die Ontwikkelingstrust gekoppel was wat die finale titel gehou het van alle grond wat aan die swart bevolking toegeken is. Die *Groepsgebiedewet van 1950*, wat afsonderlike verblyf in stedelike gebiede vir veral Kleurlinge en Indiërs bepaal het, het grootskaalse verskuiwing van mense tot gevolg gehad. Die sleutel-element in hierdie en ander wetgewing, wat veral sedert 1948 op groter skaal toegepas is, was dat alhoewel miljoene swart mense in landelike gebiede gewoon het, hulle nie wettige grondeienaars kon wees nie." *(Tot sover die aanhaling.)*

Aanvaar dat swart en bruin Christene wat die pyn van hierdie wette *(die eerste herverdeling)* aan hulle lyf gevoel het, anders oor dié saak dink en redeneer. Probeer verstaan waarom alle Christene nie dieselfde oor grondhervorming voel, dink of redeneer nie. Onthou, ***ons kom almal van êrens af*** as ons kom aansit om aan die gesprek deel te neem. Almal het 'n eie verhaal, ervaring en geskiedenis.
(***Hou rekening met, en probeer begrip hê vir álle gespreksgenote se "bagasie" en gevoelens.***

6. ***Grondhervorming gaan ook in julle omgewing en gemeenskap plaasvind.*** Moenie dink dit gaan net elders gebeur nie. Moenie volstruispolitiek toepas en maak asof niks gaan gebeur nie.
(***Grondhervorming raak elke plattelandse gemeenskap.***

7. Die aard en omvang van ***Amos se bydrae*** tot die proses van grond-hervorming ***word deur ons visie, missie, doelstellings en hooffunksies bepaal. Amos verteenwoordig nie net blanke boere nie, maar ook swart en bruin plaaswerkers.*** Ons bydrae lyk anders as die van die staat, die privaatsektor, georganiseerde landbou, ensovoorts; maar dit maak dit nie minder relevant nie. Ek is wel van mening dat die ***kerk en Amos saam*** 'n groter en sinvoller bydrae kan lewer as wat elkeen dit op sy eie kan doen. Een van die probleme waarmee ons worstel is dit: Almal weet skynbaar presies wat die ander party behoort te doen en wys gevolglik graag die vinger. Die vraag is: Wat behoort ek/ons te doen?
(***Fokus op die unieke bydrae wat jy kán en móét lewer!***

8. ***Grond blyk nie die grootste probleem te wees nie,*** want selfs al word net 'n gedeelte van die landbougrond wat jaarliks op die vrye mark verhandel word, vir herverdeling aangewend, behoort die regering se doelwit, naamlik dat 30% van die kommersiële landbougrond teen Julie 2016 in die hande van swart en bruin boere moet wees, steeds haalbaar te wees. ***Die praktiese situasie op die grond wys egter dat alles nie pluis is nie.*** Voorbeelde van mislukte programme en pogings kan sonder moeite opgestapel word *(Landbouweekblad 26 Julie 2002)*. Dit verarm nie net die landbougemeenskap finansieel nie, maar beroof hulle ook van geloof en die energie om effektief by die proses betrokke te raak en te bly. Elke mislukte poging laat mense meer HOOPloos! ***Iets móét anders gedoen word en iets ánders moet gedoen word. (Kyk weer na die nege kolletjies by die inleiding.)***
(***Die oplossing lê dalk net buite die tradisionele denkraamwerk.***

9. ***Amos*** gaan van die standpunt uit dat, saam met baie ander rolspelers, beide die blanke kommersiële boer en die swart of bruin opkomende kommersiële boer, verantwoordelik is vir suksesvolle grondhervorming - die *"aangee"* van grond van wit boere na swart/bruin boere. Daarom moet ***beide bemagtig*** word om met verantwoordelikheid *te gee en te ontvang.* Daar is 'n groter nood as die grondnood. ***Daar bestaan 'n magteloosheid wat roep om bemagtiging.***
(***Die oplossing begin nie by die herverdeling van grond nie, maar by die oordra van basiese vaardighede (root skills - lees meer hieroor in hoofstuk 6).***

Opdrag 2

* *Lees Spreuke 24:10. Wat sê die Heilige Gees vir jou deur dié teks?*

* *Watter emosies maak grondhervorming in jou wakker?*

* *Het jy al die kuns bemeester om oor hierdie baie sensitiewe saak te praat (ook met mense wat van jou verskil) sonder om warm om die boordjie of beledigend teenoor ander te raak? Indien nog nie, hoe kan jy leer om dit te doen?*

* *In watter mate voer jy/julle reeds die opdragte langs die (uit?*

Hoekom is dié opdragte belangrik?

JY MOET BETROKKE RAAK BY GRONDHERVORMING! Begin daarna kyk met 'n geloofsoog en nie net met jou fisiese oë nie. Moet jou nie blind staar teen alles wat jy elke dag aanskou - al die mislukte projekte - nie. Begin nuut dink oor die hele vraagstuk en neem *as Christen* deel aan die gesprek.

HOOFSTUK 1
'N NUWE REËLING OOR GROND

In Israel was daar duidelike voorskrifte oor grondbesit en die vererwing van grond. Maar toe duik daar 'n situasie op waarvoor die normale prosedure en die *"wetgewing"* wat Israel tot op dié tyd ontvang het, nie voorsiening gemaak het nie. Selofgad het net vyf dogters gehad en geen seuns nie. En toe sterf hy.

Lees dié verhaal in Numeri 27:1-11 (sien ook Numeri 26:33 en 36:10-13). Daar is vier belangrike dinge in dié verhaal wat jy nie moet miskyk nie.

Eerstens leer die verhaal ons dat daar nuwe situasies kan opduik waar ou antwoorde nie meer voldoende is nie. Nuwe riglyne word benodig. In die praktyk beteken dit nie dat die Bybel onvoldoende is om ons te help om die huidige grondkwessie op te los nie. Dit beteken net dat ons weer nuut sal moet kyk en luister na wat die Woord sê. Ons steek tog so maklik vas by die bekende dele, die dele waarvan ons hou en wat ons toelaat om rustig in ons gemaksones te bly.

Tweedens is dit duidelik dat dié situasie nie Selofgad se verdiende loon was nie. Die feit dat hy nie seuns gehad het wat sy grond kon erf nie, was nie die gevolg van opstand teen die Here nie *(Numeri 27:3)*. Hy het in die woestyn gesterf soos al die ander Israeliete van sy ouderdom. Oppas om die huidige grondkwessie sommer voor iemand se deur te lê as sy of hulle verdiende loon.

Derdens, en dit is miskien die belangrikste les, is dit wat Moses gedoen het. Hy het nie sommer self 'n plan probeer beraam of met 'n kitsoplossing na vore gekom nie. Hy het selfs nie eers 'n vergadering van wyses bymekaar geroep om oor die saak te debatteer nie. *"**Moses het die saak voor die Here gebring,** en die Here het vir hom gesê: ..." (Vers 5-6a)*. ***Grondhervorming is 'n moeilike en komplekse saak met baie kante. Christene móét oplossings en antwoorde van die Here afbid.*** Ons durf nie op ons eie insigte staatmaak nie.

Laastens lees ons dat die dogters van Selofgad nie net ingevolge die nuwe reëling hulle regmatige grond gekry het nie, maar ook dat hulle gedoen het wat die Here Moses beveel het *(Numeri 36:10)*. Hulle was bereid om in gehoorsaamheid deel van God se antwoord en oplossing te word.

JY MOET BETROKKE RAAK BY GRONDHERVORMING! As Christen is jou eerste en belangrikste verantwoordelikheid om antwoorde en oplossings vir hierdie moeilike vraagstuk van God af te bid. Verder moet jy bereid wees om, in gehoorsaamheid aan Hom, deel van sý antwoord en sý oplossing te word.

HOOFSTUK 2
DIE HUIDIGE SITUASIE IN DIE LIG VAN DIE SKRIF

Grondhervorming is nie net 'n emosionele saak nie, maar ook 'n pynlike saak. Die pyn en seer verskil egter van groep tot groep en van mens tot mens. Daarom is dit noodsaaklik dat Christene ook sal nadink oor wat God in sy Woord oor lyding en swaarkry sê.

2.1 Wat sê die Bybel oor lyding en swaarkry?



die reeks kleingroepstudies wat oor lyding swaarkry handel, word dié Bybelse pers-tief op lyding volledíger behandel. Indien jy rin be-langstel, kan jy die kleingroep-studie, ***asveiligheid - deel 1***, by ***AMOS*** bestel.)

Agter jou lyding staan **NIE** God **ÓF** Satan **ÓF** die mens **NIE, MAAR** God **ÉN** Satan **ÉN** die mens - elkeen is betrokke, **IN OOREENSTEMMING MET SY EIE AARD EN KARAKTER!** Oppas om God en Satan se betrokkenheid te misken of as irrelevant te beskou.

(***In ooreenstemming met God se aard en karakter (soos in die Skrif aan ons openbaar), is Hy betrokke in die pyn en seer wat mense rondom grondhervorming beleef.*** God se betrokkenheid maak Hom nie wreed, liefdeloos en onregverdig nie. In sy betrokkenheid bly Hy steeds die heilige, regverdige, genadige en liefdevolle God wat Hom oor mense ontferm, selfs deur lyding en swaarkry *(lees bv. Psalm 119:67, 71 en 75).* Die Bybel is ook vol voorbeelde van wat God doen om reg en geregtigheid te laat geskied en mense tot bekering op te roep *(dink maar aan die profesie van Amos - lees hoofstuk 4)*.

(***Satan is ook, in ooreenstemming met sy aard en karakter betrokke.*** Hy is die vader van die ***leuen,*** die ***mensemoordenaar*** van die begin af *(Johannes 8:44). Hy wil ook hê mense moet in hulle lyding teen God sondig.* Daarom ***versoek*** hy hulle. Hy is nie tevrede dat mense net ly en swaarkry nie. Hy wil hulle hele lewe verwoes. As leuenaar bied hy allerhande ***vals en verkeerde oplossings*** vir probleme aan, maar alles is net dinge wat die probleem vererger. Wees dus baie bedag op allerhande verkeerde en skynoplossings wat hy ook vir die vraagstuk oor grondher-vorming aanbied. As ons daarna luister, gaan ons beslis met chaos eindig. As ***beskuldiger*** gebruik hy graag mense se wysvingers om ander te blameer vir alles wat verkeerd is en die skuld op hulle te pak.

(***Die mens (alle rolspelers in die grondhervormingsproses) is ook betrokke, in ooreenstemming met óf sy ou natuur (wat deur selfsug, gierigheid, naywer, afguns, oor en weer beskuldigings, ensovoorts, gekenmerk word) óf onder leiding van die Gees (vergelyk Galasiërs 5:22-26 en Jakobus 3:13-18).***

Die vraag is: ***Hoe behoort 'n Christen op lyding te reageer?*** Wat moet jy doen as jy swaarkry? Die Bybel gee weereens nie 'n enkelvoudige *(net één)* antwoord nie, maar 'n meervoudige antwoord - drie verskillende perspektiewe.



Jy **MOENIE KIES** of jy jou lyding gaan gebruik **ÓF** bestry **ÓF** aanvaar nie. Jy moet alle lyding altyd **GELYKTYDIG** gebruik **ÉN** bestry **ÉN** aanvaar.



(Ook wat grondhervorming betref kan jy in biddende afhanklikheid van God jou pyn-verleentheid ***gebruik*** en in 'n groei-geleentheid omskep. God belowe dat Hy alles ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet *(Romeine 8:28).* Jy kan moontlik leer om meer effektief op minder grond te boer. Jy kan leer om in groter gehoorsaamheid aan die Vader te lewe *(Psalm 119:71).* Jy kan leer hoe om nuut en kreatief te dink en nuwe uitdagings aan te pak. Jy kan God se sorg op 'n nuwe manier leer ken. Jy kan leer om opnuut al jou verhoudinge onder die vergrootglas te plaas en reg te maak wat verkeerd is. Die groei-geleenthede in elke pyn-verleentheid is onbeperk.

(Vanweë Satan en die sondige mens se betrokkenheid by lyding en swaarkry, moet alle sondige en onaanvaarbare uitwasse in die grondhervormingsproses met die opstandingskrag van Christus ***bestry*** word. Byvoorbeeld, alle pogings om een stuk onreg met 'n ander vorm van onreg reg te stel, móét bestry word. Daar moet

voortdurend gestry word teen elke vorm van gierigheid, die misbruik van mag, uitbuiting van mense en alle vorme van korrupsie. Oplossings wat tot hongersnood en bloedvergieting kan lei, moet van die hand gewys word. Geen ruimte moet vir wraak en vergelding gelaat word nie *(Romeine 12:19-21)*.
(Terselfdertyd kan Christene bly ***hoop,*** te midde van swaarkry. Of hulle nou hier en nou grond kry óf verloor, is nie van deurslaggewende belang nie. Hulle kan seker wees dat hulle die nuwe hemel en die nuwe aarde gaan beërwe *(Hebreërs 10:32-36, veral vers 34)*. *(Dr. Lourens Schoeman skryf: Landloosheid beperk God nie in die genadige voorsiening van lewensmiddele nie. Waar God teenwoordig is [bv. in die woestyn] sal die volk nie vergaan nie, selfs al het hulle nie grond tot hulle beskikking nie.)*
(Die ***gebruik en aanvaarding*** van lyding ***voorkom*** dat die bestryding daarvan ***ontaard in verbittering en weerwraak.*** Net so ***voorkom die gebruik en bestryding*** van lyding weer dat die aanvaarding daarvan ***in passiwiteit (niks doen daaromtrent nie) ontaard.***

In die praktyk is daar baie blankes wat sê dat die status quo aanvaar moet word. Volgens hulle hoef die situasie nie te verander nie, want die blankes produseer genoeg kos. Hulle pleit dus vir aanvaarding ten koste van bestryding. Swart mense daarteenoor beklemtoon weer die bestryding van die huidige stelsel, sonder om altyd die nodige ruimte vir aanvaarding te laat. ***Die huidige situasie moet vanuit Bybelse perspektief bestry én aanvaar word. Dit vra doelbewuste, maar gekontroleerde en goed bestuurde verandering oor 'n lang tydperk.***

Opdrag 3

* *Hoe sien jy/julle God, Satan en die mens se betrokkenheid in die huidige situasie? Onthou, ál drie ís betrokke, elkeen in ooreenstemming met sy eie aard en karakter.*

* *Gebruik, bestry en aanvaar jy/julle die huidige situasie rakende grondhervorming of reageer jy eensydig daarop? Hoe moet jou/julle optrede verander om in lyn met die Woord te kom?*

JY MOET BETROKKE RAAK BY GRONDHERVORMING! Deur te getuig van die betrokkenheid van God, Satan en die mens in hierdie hele aangeleentheid, kan jy reeds 'n baie groot bydrae lewer. Deur drievoudig *(gebruik, bestry en aanvaar/hoop)* op die lyding wat met die hele proses gepaardgaan te reageer, kan jy 'n wesenlike verskil maak. Só kan jy help om hierdie stukkende wêreld vol pyn en smart, stukkie vir stukkie heel te maak en voor te berei vir die koms van die Here. Jou reaksie op en hantering van die saak is 'n getuienis wat ander kan inspireer om dieselfde te doen.

2.2 Enkele perspektiewe uit die profeet Amos

Job se teologie is alombekend: Daar is nie altyd 'n direkte verband tussen lyding en sonde nie. Swaarkry is nie noodwendig die gevolg van sonde nie. Die profeet ***Amos*** kyk egter vanuit 'n ander hoek na dié saak. Hy hanteer 'n ***oorsaak-gevolg-*** skema *(Amos 3:3-6).* Trouens, sy eie oordeelsprediking het 'n ***oorsaak.*** Dis die ***gevolg*** van God wat gepraat het *(Amos 3:7-8)*. Die rampe in hoofstuk vier en die herhaalde verwysing na mooi huise wat platgeslaan en verteer word *(Amos 1:4, 7, 10, 12 en 14; 2:2 en 5; 3:9-11 en 15; 5:11; 6:8 en 11)*, is nie maar sommer net dinge wat toevallig gebeur nie. ***Dis God wat dit doen as gevolg van Israel se uitbuiting van armes; hulle niksseggende vormgodsdiens en hulle verkragting van die reg. Maar dis tegelykertyd ook God se dringende oproep tot bekering.***
(Sit daar nie iets méér agter die gebeure in Zimbabwe nie? Is dit regtig nét die optrede van 'n mens(e), wat tot dié chaos gelei het? *(Lees ook Spreuke 21:1)*

God se oordeel het nie by Israel se vyande gestop nie. In Amos 2 en 3 word Israel se sonde in meer besonderhede uitgespel as dié van sy vyande, en die oordeel oor Israel meer breedvoerig. God se oordeel oor hulle vyande het Israel nie net bly gemaak nie *(hulle het vergeet wat in Spreuke 24:17 staan),* maar ook blind vir hulle eie sonde en ongeregtigheid.

(Vandag nog hou Christene nie daarvan dat hulle sondes krasser en breedvoeriger as dié van die heidene uitgespel word nie. Hulle vergeet so maklik dat dit nie die heidense matrose is wat vir die storm op die see verantwoordelik was nie, maar die ongehoorsame dominee Jona!

Amos spreek álle vorme van onreg en uitbuiting aan - alle godsdiens wat net op rituele fokus en nie ook sosiale onreg aanspreek nie.
(God veroordeel die onreg van die verlede en die hede, van wit teenoor swart én swart teenoor wit. ***Wie onreg probeer regstel deur self onreg te pleeg, ondergrawe sy eie toekoms!*** *(Geld, goed en grond wat deur onreg verkry is, bring nie lewe, geluk of voorspoed nie. Lees maar Spreuke 10:2; 20:17 en 21, asook 21:6).*

Die platslaan van die mooi huise van die rykes waarvan ons so baie in Amos lees, was nie net straf op die onreg van die rykes nie. Dit het ook gely tot die verlies aan werkgeleenthede en het groot ellende vir die armes tot gevolg gehad. ***Dié straf het dus die hele land geraak.*** *(Zimbabwe is tans 'n praktiese voorbeeld daarvan.)*

(As die grondhervormingsproses skeefloop, gaan almal daaronder ly - ook stedelinge, sakemanne, armes en plaaswerkers.

God en Israel het nie dieselfde afleiding uit die geskiedenis gemaak nie. Wanneer Israel die wonderdade wat God aan hulle gedoen het, in herinnering roep *(Hy het hulle uitverkies en uit Egipte verlos),* is hulle oortuig daarvan dat hulle saak met God reg is en dat Hy aan hulle kant is. Hulle is só oortuig daarvan dat hulle uitgesien het na die dag van die Here. Op grond van dieselfde weldade aan Israel, besluit God egter om hulle te straf *(3:1-2)*. Amos kondig aan dat die dag van die Here duisternis gaan bring, en nie lig nie *(5:18)*.

(Oppas vir foutiewe afleidings uit die geskiedenis. God se wonder-werke in jou persoonlike lewe; die geskiedenis van jou boerdery *(besigheid)* of jou volk, beteken nie dat Hy altyd aan jou kant is of vandag nog alles goedkeur wat jy doen nie. God se wonderwerke in jou en my verlede, plaas net 'n baie groter verantwoordelikheid op ons om uit dankbaarheid elke dag sy wil te doen.

Opdrag 4

* *Is daar iets uit die profesie van Amos wat die Heilige Gees spesifiek op jou hart druk? Indien wel, wat wil Hy hê moet jy doen? Deel dit wat Hy op jou hart lê ook met ander.*

JY MOET BETROKKE RAAK BY GRONDHERVORMING! Al het ons almal ons grond wettig geërf of gekoop, en al is die wette van 1913, 1936 en 1950 *(waarna in die inleiding verwys is)* reeds voor ons geboorte gemaak, moet ons erken dat sommige, wat grondregte aanbetref, histories benadeel is. As Christene moet ons saamwerk om hierdie onreg op 'n regverdige en billike manier reg te stel.

HOOFSTUK 3
BEMAGTIG BLANKE KOMMERSIËLE BOERE

Volgens ’n Markinorverslag wat in die *Landbouweekblad* van 13 April 2001 gepubliseer is, is 63% van alle kommersiële boere grondhervorming goedgesind. Dis baie positief, maar drie sake verdien steeds aandag:

(Boere weet hulle ***móét*** by grondhervorming betrokke raak, maar dis nog nie te sê almal ***wíl*** persoonlik daarby betrokke raak nie. Betrokkenheid op grond van ’n ***innerlike geloofsoortuiging*** ontbreek nog by baie.

(Boere *(veral kleiner privaatboerderye)* wat by die proses betrokke wíl raak, weet nie noodwendig ***hóé*** om effektief betrokke te raak nie. Hou op om boere te beskuldig *(asof almal onwillig is)* en net te sê dat hulle betrokke moet raak - ***bemagtig*** hulle en ***leer hulle hóé*** om betrokke te raak. *(Dieselfde geld ten opsigte van die uitdra van die Evangelie op die plaas. Leer en help boere om dit te doen.)* My uitgangspunt is dus dat alle boere op een of ander wyse ’n bydrae kán en móét lewer.

(Baie boere voel ***bedreig deur, en onseker oor*** die nuwe landbouopset wat in die vooruitsig gestel word. Baie ervaar ’n verlies van mag en bestaansekerheid. Hulle moet ***pastoraal begelei en ondersteun*** word. Hulle kommer en vrese moenie as belaglik en ongegrond afgemaak word nie.

3.1 Bemagtig boere om aan grondhervorming te wíl deelneem

(’n ***Gesindheidshervorming*** gaan grondhervorming vooraf. Dit help nie om die regte ding met ’n verkeerde gesindheid te doen nie *(Spreuke 16:2)*. *(Die wet op minimum lone het ongelukkig sekere verkeerde gesindhede by sommige blootgelê! As hulle so dink en redeneer oor lone, wat gaan hulle gesindheid oor grond wees?)*

(Moenie die Evangelie verskraal tot die redding van siele sodat hulle eendag in die hemel kan kom nie. Neem die boodskap van die profeet Amos ernstig op. ***God wíl dat reg en geregtigheid teenoor alle mense geskied.***

(Leer boere wat die ***Woord oor grond en grondbesit*** sê.

(Leer hulle om ***nie net aan hulle eie belang te dink nie,*** aangesien Christus ook nie aan sý eie belang gedink het nie *(Filippense 2:3-5)*.

3.2 Bemagtig boere hóé om effektief aan grondhervorming deel te neem

(Ons sal ***nuut moet dink*** oor grondhervorming. As ons bly dink anderskleuriges kan nie boer nie *(en dis 'n persepsie by baie)*, stapel ons maklik hope bewyse op vir dit wat ons reeds glo. Voordat jy hart en siel by grondhervorming betrokke raak, sal jy ***móét glo dat dit suksesvol gedoen kan word.*** Jy moet glo dat God dieselfde vermoë aan swart en bruin boere kan en wil gee as wat Hy aan blanke boere gegee het.

(***Leer boere veral hóé om Jesus, Bybelse norme en morele waardes, asook basiese vaardighede (root skills) aan plaas-werkers oor te dra.*** *(Meer hieroor in hoofstuk 6.)*

(Boere moet gehelp word om ***nie hulle droom en fokus te verloor*** as gevolg van korttermyn struikelblokke en negatiewe ervarings soos plaasmoorde, brandstigting, veediefstal, ensovoorts, nie.

(Boere moet bemagtig word om ***goeie mentors*** te wees, ***sonder om te wil "baasspeel".*** Hiervoor is ***goeie verhoudinge*** met plaaswerkers en opkomende kommersiële boere baie belangrik, anders sal hulle nie na goed bedoelde raad luister nie. *(Swak verhoudinge tussen pa's en seuns het al tot menige boerdery se ondergang gelei. Indien 'n seun nie 'n goeie verhouding met sy pa het nie, weier hy dikwels om sy ouers se raad te vra of hom aan hulle goeie advies te steur. Die eiesinnige "ek-sal-julle-wys"-mentaliteit kan tot sy ondergang lei. Indien dit waar is van 'n pa en seun wat nie 'n goeie verhouding het nie, hoeveel te meer sal dit gebeur waar daar nie 'n goeie vertrouensverhouding tussen 'n blanke boer en opkomende boere is nie.)*

(Boere sal gehelp en geleer moet word hoe om die ***diepgewortelde agterdog*** en wantroue wat *(ten regte of ten onregte)* teen hulle gekoester word, in 'n ***mooi nuwe vertrouensverhouding*** te omskep. Dis veel makliker gesê as gedoen. *(In die praktyk hoor 'n mens dikwels hoe die opregte raad en leiding van 'n boer verwerp word, ja dat hy as goeie mentor selfs weggejaag word in ruil vir die raad en advies van mense wat oor veel minder kundigheid beskik. Dit maak dikwels baie seer.)*

3.3 Bemagtig boere om sinvol en positief in nuwe omstandig-hede te leef

(Vir baie is die talle veranderinge in die landbou traumaties. Leer hulle hoe om ***verandering en die verlies van mag te hanteer.***
(Help hulle om ***verleenthede in geleenthede te omskep*** *(byvoorbeeld om meer effektief op minder grond te boer).*
(Help hulle om hulleself ***nie as benadeelde slagoffers*** van die grondhervormingsproses te sien nie. Dit lei tot selfbejammering wat al jou krag en energie dreineer.
(Prakties kan die kerk dalk 'n tydelike ***"traumakliniek"*** begin waar boere wat grondhervorming as traumaties beleef of die pyn daarvan aan hulle eie lyf voel, pastoraal gehelp kan word. Leraars kan ook deur dié kliniek opgelei en toegerus word.

3.4 Bemagtig boere met praktiese raad en werkbare planne

As 'n span kan ons beter vaar as elkeen op sy eie. Kom ons beraam dus 'n plan waarby meer as een boer kan inskakel en baat vind.

Maar waar en wanneer moontlik, kan individuele boere en boerderymaatskappye ook fisies by die koop of beskikbaarstelling van grond en/of aandele betrokke raak. In sommige tipes boerdery kan 'n boer moontlik 'n stuk grond saam met van sy werkers huur. Hy kan geleidelik op die huurgrond afskaal terwyl hulle die geleentheid het om uit te brei. Neem ook kennis van die regering se nuwe HGLO-plan *(Herverdeling van grond vir landelike ontwikkeling - in Engels bekend as die LRAD)*. Dis beskikbaar by die departemente van landbou in elke provinsie.

Boere het nog altyd die vermoë gehad om met vindingryke oplossings vorendag te kom vir alles wat hulle graag wíl doen. Daar is geen rede waarom hulle nie ook onder leiding van God se Gees met unieke oplossings vir grondhervorming vorendag kan kom nie. Luister dus na mekaar en leer bymekaar.

Boere moet egter onthou dat dit nie die oordrag van grond as sodanig is wat belangrik is nie, maar die ***effektiewe oordrag*** en die vestiging van 'n ***volhoubare nuwe boerdery.*** Om dus oorhaastig grond oor te dra, voordat mense bemagtig is, kan meer kwaad as goed doen. Elke mislukte projek maak die pad vorentoe al hoe moeiliker.

Opdrag 5

* *Wie is primêr vir die bemagtiging van boere verantwoordelik?*

JY MOET BETROKKE RAAK BY GRONDHERVORMING! Begin om jouself te bemagtig. Moenie vir ander wag nie. Neem self die inisiatief. Evalueer jou gesindhede, emosies, vaardighede en kennis. Indien jy leemtes ontdek, gaan soek hulp en raad by betroubare mense. En onthou, die raad wat jy kry is net so betroubaar soos die persoon by wie jy dit kry *(Spreuke 12:5)*. Gaan dus na die regte persoon of persone.

KLEINGROEPBYEENKOMS 1

Ter voorbereiding: Lees bladsy 4 tot 17 van hierdie studie.

1. **<u>Verklaring</u>:** Herinner mekaar aan die doel van julle byeenkoms. Lees die volgende verklaring hardop saam: *"In gehoorsaamheid aan die Vader, Seun en Heilige Gees is ons bymekaar om God te aanbid en te verheerlik. Ons is hier om deur sy Woord en Gees en ons onderlinge gemeenskap toegerus te word om as God se boere, saam met God se mense, op God se grond, tot God se eer te lewe."*
2. **<u>Lof en aanbidding</u>:** Loof, prys en aanbid die Here.

3. **<u>Onderlinge belangstelling in mekaar</u>:** Maak julle byeenkoms werklik 'n ***omgee***-byeenkoms. Deel mekaar se lief en leed en bid vir mekaar. Onthou te alle tye om nie dit wat vertroulik in die groep gesê word, oor te vertel nie.

4. **<u>Luister wat sê die Gees en die Woord</u>:** Lees Numeri 27:1-11,asook 26:33 en 36:10-13. Wat leer die Here julle in dié gedeelte? Wat moet julle gaan doen?

5. **<u>Bespreek een van die volgende twee vrae</u>:**

5.1 Hoe kan 'n Bybelse perspektief op lyding en swaarkry ons help in ons soeke na antwoorde op die vraagstuk oor grondhervorming?
5.2 Watter perspektiewe uit die profesie van Amos voel julle is ter sake wanneer ons oor grondhervorming praat? Waarom sê julle só?

6. **<u>Getuig teenoor mekaar</u>:** Gee aan elkeen wat die agtergrondstudie deurgewerk het, die **geleentheid om te sê** wat die Heilige Gees nog op sy of haar hart gelê het. Deel ook ander getuienisse met mekaar.

7. **<u>Reik uit na die wêreld</u>:** * In watter mate is die manier hoe julle oor grondhervorming dink en praat 'n Christelike getuienis teenoor die wêreld?
   * Bespreek en beplan ook die opleiding van julle personeel en/of enige ander uitreikaksies.

8. **<u>Voorbidding</u>:** Bid vir mekaar, *AMOS AGRIMIN*, grondhervorming en vir landbou in die algemeen.

9. **<u>Huishoudelike sake</u>:** Beplan die datum, tyd, plek en onderwerp van die volgende byeenkoms. Eet en kuier lekker saam.

HOOFSTUK 4
BEMAGTIG OPKOMENDE KOMMERSIËLE BOERE

4.1 *AMOS AGRIMIN* se basiese benadering

Ons is van mening dat die suksesvolste manier om kommersiële boere uit die tradisioneel agtergeblewe gemeenskap te vestig, moet aansluit by die manier waarop ***kommersiële boere in die verlede hulle eie kinders*** suksesvol in die landbou gevestig het. Oor 'n ***lang periode*** het ouers eers sekere ***waardes en norme,*** asook ***basiese vaardighede (root skills), praktiese kennis (lewensvaardighede of 'life skills')*** en toe ***meer en meer verantwoordelikhede*** aan hulle kinders oorgedra. Die geleentheid om ***grond*** te besit en 'n ***eie onderneming*** te hê, was altyd die laaste fase in die proses en nie die eerste nie. *In hierdie oordragproses was praktiese kennis en grond nié die deurslaggewende faktor nie*. Daarom was selfs kinders wat baie geërf het, nie altyd suksesvol nie. Ander wat baie min gekry het, het weer die bietjie wat hulle wel gekry het tot 'n groot suksesvolle onderneming uitgebou. Die suksesvolle oordrag van ***waardes en norme (lewenskunde),*** asook ***basiese vaardighede (root skills)*** was egter altyd *van deurslaggewende belang*. Een van die redes waarom talle vestigingsprogramme nie slaag nie, is volgens my mening omdat die hele proses omgekeer word. Daar word eers grond, kapitaal en 'n onderneming gegee; daarna of daarmee saam sekere lewensvaardighede en praktiese kennis. ***Die oordrag van waardes en norme (lewenskunde), en veral basiese vaardighede (root skills) ontbreek meestal byna geheel en al. Dit is presies hier waar AMOS 'n wesenlike bydrae kan en graag sal wil lewer.***

4.2 Kern van *AMOS AGRIMIN* se plan en strategie

Suksesvolle Christenboere moet aangemoedig en gehelp word om Bybelse waardes en norme, asook hulle basiese vaardighede (root skills) binne 'n dissipelskapverhouding oor te dra. Hierdie proses moet hoofsaaklik op 'n een-tot-een-basis, doelgerig en oor 'n lang termyn geskied. Plaaskinders, een of meer plaaswerkers en ander geïdentifiseerde persone kan hierby betrek word. Dit moet verder ***afgerond*** word deur ***geleenthede te skep en kapitaal en grond beskikbaar te stel.*** Laasgenoemde moet in samewerking met die staat en ander rolspelers in die privaatsektor geskied.

4.3 Sleutelbegrippe

4.3.1 **Waardes en norme**

Die morele verval van ’n gemeenskap, hoe ontwikkeld dit ook al op ander terreine mag wees, het katastrofiese gevolge vir daardie gemeenskap. Gedeelde morele en etiese waardes is van deurslaggewende belang vir enige onderneming wat na volhoubare sukses strewe. Soos die wortels van ’n boom is dít die anker van elke onderneming.

(*AMOS AGRIMIN* beywer hom vir die aanvaarding en uitlewing van Bybelse waardes en norme. Dit is ’n integrale deel van al ons kursusse.

4.3.2 **Basiese vaardighede (root skills)**

Daar is ’n groter nood as dié aan grond. Daar bestaan ’n magteloosheid wat roep om bemagtiging! Mense moet ***met basiese vaardighede bemagtig*** word. Basiese vaardighede *(root skills)* is dié ***vaardighede wat onderliggend is*** aan alle ander vaardighede: hetsy handvaardighede, lewensvaardighede, boerderyvaardighede of beroepsvaardighede. Basiese vaardighede ***word meestal informeel en onbewustelik oor ’n lang periode aangeleer en bemeester,*** maar ***kan ook formeel en bewustelik*** aangeleer word.

(’n ***Lys voorbeelde*** van basiese vaardighede *(root skills)* word in hoofstuk 6 gegee. ’n Praktiese voorbeeld van twee sulke vaardig-hede word in ’n afsonderlike kleingroepstudie gegee.

(***Opleiding- en toerustingmateriaal*** aan die hand waarvan hierdie basiese vaardighede aangeleer en ingeoefen kan word, moet so vinnig moontlik saamgestel en/of ontwikkel word. Die materiaal behoort prakties, visueel en uitkomsgebaseerd te wees. Dit moet bevatlik wees vir plaaswerkers, wat die primêre teikengroep is.

4.4 Die doel van grondhervormingsprojekte

Die doel van elke projek moet duidelik uitgespel word, want dit het ***’n groot invloed op die proses wat gevolg gaan word.*** Indien ons X-aantal boere wil ontwikkel en binne ’n gegewe tyd suksesvol wil vestig, sal ***geskikte kandidate aan die hand van sekere kriteria gekeur*** moet word *(sien 4.5).*

(Naas vele ander doelwitte, behoort elke projek ook ten doel te hê om ***goeie rolmodelle*** te vestig, naamlik kommersiële boere wat ’n positiewe voorbeeld aan ander opkomende boere sal stel.

(Die proses om kommersiële boere te vestig, ***moet duidelik onderskei word van***

ander projekte waarin daar gepoog word om aan soveel as moontlik mense, in die kortste moontlike tyd, elkeen ’n stukkie grond te gee om in hulle eie lewensbehoeftes te voorsien.
(Dié projekte moet teen Julie 2016 ’n ***sekere aantal suksesvolle swart en bruin kommersiële boere in die landbou vestig*** - boere wat op ’n ***kommersiële basis ekonomies, winsgewend, mededingend en volhoubaar*** kan produseer. Die eindresultaat moet blanke, swart en bruin boere wees wat as gelyke vennote ***interafhanklik*** van mekaar is.

4.5 Keuring van geskikte kandidate vir ontwikkeling en vestiging

Riglyne en toetse wat vir die identifisering- en keuringproses gebruik kan word, behoort op ’n wetenskaplike manier, in samewerking met ’n tersiêre inrigting, ontwikkel en opgestel word.
(Soek kandidate wat ***reeds oor verskeie basiese vaardighede (hoofstuk 6) beskik.***
(Hy/sy moet oor basiese ***entrepreneurseienskappe*** beskik.
(Hy/sy moet oor ***meerdere taalvaardighede*** *(Afrikaans en Engels)* beskik.
(Die ***motiewe*** waarom ’n bepaalde persoon wil boer, moet bepaal en evalueer word.
(Daar moet van die begin af gesoek word na kandidate wat ***in staat*** sal wees om hulle eie kinders en ***’n volgende geslag boere te vestig*** *(verveelvuldiging moet plaasvind)*.
(Hy/sy moet ***geen beswaar*** hê teen ’n benadering wat op Christelike en Bybelse beginsels, waardes en norme gebaseer is nie.
(Die kandidaat se ***omstandighede*** moet van so ’n aard wees dat hy/sy die ***geleenthede positief kan benut.*** *(Persone wat in ’n oorlewingstryd gewikkel is, is geneig om die saad wat aan hulle gegee word te eet, in plaas daarvan om dit te plant. Persone wat ander prioriteite en strewes het, is weer geneig om die saad te verkoop en die geld anders aan te wend.)*

4.6 Algemene opmerkings

4.6.1 Die ontwikkeling en vestiging van swart en bruin boere behoort in ***’n groot mate geprivatiseer*** te word. Te veel inmenging deur die staat in die detail van die proses, kan ander rolspelers ontmoedig. Byvoorbeeld: *AMOS* sal moeilik betrokke kan raak *(veral teen die agtergrond van dit wat in hoofstuk 5 gesê word)* as van ons verwag word om Christus nie te verkondig nie, en

om ons Bybelse benadering prys te gee. Die staat kan wel sekere standaarde en uitkomste bepaal, en behoort fondse vir dié doel beskikbaar te stel.

4.6.2 ***Verskeie boere*** wat by *AMOS AGRIMIN* ingeskakel is, is gewillig en bekwaam om 'n bydrae in die ontwikkeling en vestiging van swart en bruin boere te lewer. Hierdie boere en ander soos hulle, kan moontlik ***per ooreenkoms by so 'n groter projek betrek word (sien hoofstuk 9.2).***

4.6.3 ***Landbouskole*** kan 'n groot rol speel om waardes, norme en basiese vaardighede aan kinders te leer. 'n Sekere aantal plaasskole en/of landbouskole, wat bereid sal wees om van *AMOS* se materiaal en kursusse as 'n ***"sewende vak"*** aan te bied, kan moontlik gesoek word. Leerders kan aanvanklik aan die einde van graad 6 gekeur word. Daarna kan keuring weer aan die einde van graad 9 en 12 plaasvind. Hoewel net enkele kandidate uiteindelik as kommersiële boere gevestig kan word, behoort die proses ook 'n groot aantal goed opgeleide plaaswerkers op te lewer.

Saamgevat kan gesê word:

(Meeste grondhervormingsprojekte tot op hede het soos volg verloop:

Grond ≡ Geleenthede ≡ Boerderyvaardighede ≡ Basiese vaardighede

(Baie het misluk lank voordat daar by basiese vaardighede uitgekom is.)

(*AMOS* pleit vir 'n proses wat soos volg verloop:

Basiese vaardighede ≡ Boerderyvaardighede ≡ Geleenthede ≡ Grond

(Onderstaande grafiek dui drie verskillende benaderings tot grondher-vorming aan:



Lyn A: Dit is volgens my waarneming die benadering wat meestal gevolg word, maar onsuksesvol is. Hiervolgens moet soveel as moontlik grond so gou as moontlik oorgedra/gegee word. Opleiding volg later. *(Zimbabwe het die benadering probeer, en die gevolge is duidelik.)*

Lyn B: Daar is baie voorstanders van hierdie reguitlyn-benadering. Dis tog logies sê hulle: As ons 30% grond in 12-13 jaar wil oordra, móét ons elke jaar 2½% oordra, anders gaan ons nie klaarkry nie! Dié benadering gaan bes moontlik ook nie werk nie.

`

Lyn C: Die benadering beteken nie dat grondhervorming uitgestel word of dat daar voete gesleep word met die proses nie. Die proses word ***dadelik en doelgerig (30% teen 2016)*** aangepak, maar eerste dinge kry eerste aandag! Eers opleiding, dan grond! Baie tyd, kundigheid, geld en energie móét eers aan die identifisering en/of ontwikkeling van geskikte opleidingsmateriaal *(asook die identifisering van geskikte mentors en kandidate vir grond)* spandeer word; dan aan die opleiding van diegene wat die nuwe grondeienaars moet oplei; daarna aan die opleiding van die nuwe grondeienaars, ensovoorts. Hoe meer en beter opleiding vooraf gedoen is, hoe vinniger en suksesvoller kan grond later oorgedra word. Ek is oortuig daarvan dat hierdie pad die beste is en dat die eindresultaat meer permanent en volhoubaar gaan wees.

Opdrag 6

* *Waarom dink jy/julle het honderde (of selfs duisende) projekte om swart en bruin boere te vestig, in die verlede misluk?*

* *Wat is die voor- en nadele van die proses wat AMOS voorstaan?*

JY MOET BETROKKE RAAK BY GRONDHERVORMING! Die hele proses begin by opleiding. Alle opleiding bevorder grondhervorming op een of ander manier, direk of indirek. Daarom moet jy doelbewus moeite doen om jou personeel *(plaaswerkers)* op te lei en te bemagtig. Jy kan dit formeel en informeel doen, maar maak dit 'n deurlopende prioriteitstaak op die plaas. Waar nodig kan jy dit ook laat doen en die vaardigheidsheffings wat jy betaal in die proses terugeis. Moenie dink en redeneer dat opleiding 'n mors van kosbare werktyd is nie. Nee, gebruik gerus werktyd daarvoor. Opgeleide, toegeruste en gemotiveerde werkers doen in elk geval baie meer in 'n veel korter tyd as mense aan wie jy geen tyd en aandag spandeer nie.

HOOFSTUK 5
STRUIKELBLOKKE IN DIE WEG VAN ONTWIKKELING - MAAR WAT DEEL IS VAN DIE TRADISIONELE AFRIKA KULTUUR

In sy doktorale proefskrif* *(bladsy 163 tot 173)* toon Lourens Schoeman aan dat daar vier dinge in die ***tradisionele Afrika kultuur is wat ontwikkeling in Afrika kniehalter.*** Dit kan ook aangetoon word as struikelblokke in die weg van die vestiging van swart kommersiële boere, sonder om te beweer dat die tradisionele manier van dink en doen oral nog ewe sterk is.

5.1 Afrika se lewens- en wêreldbeskouing, soos saamgevat in die begrip *"animisme"*

Animisme is gebaseer op die ***vergoddeliking*** van die natuur, waardeur alles in die natuur deur natuurkragte beheer word. Daarom leef die mens voortdurend in vrees vir magie, toorkragte en rampe. Animisme bied geen ruimte vir die mens om die natuur te beheer of te manipuleer nie. ***Volgens hierdie siening word die natuur nie deur die mens beheer nie, maar die mens word deur die natuur beheer.*** Die natuur word dus net so gelaat en nie ontwikkel nie.

(Dit vra dat die ***boodskap van die Skrif*** baie duidelik verkondig sal word. Die méns is die kroon van die skepping. Die méns het die opdrag om die aarde te bewerk en oor alles te heers. Die méns het ook die opdrag om die aarde op te pas *(Genesis 1:27-28 en 2:15)*.

5.2 Voorvaderverering en -aanbidding

Die verering en aanbidding van voorvaders het 'n baie negatiewe uitwerking op ontwikkelingsprojekte om verskeie redes:

(***Vrees:***

> Waar voorvaders fisies aanbid word, word die voorouerverering 'n bose mag wat die denke, gedrag en die lewe *(van veral die armes)* met verlammende ***vrees*** vul. ***Vrees is een van die sterkste inhiberende kragte. Dit verhinder dat mense uit armoede en ellende opstaan.*** Voorvadergeeste is onvoorspelbaar en daarom kan dié mense wat hulle aanbid nooit gemoedsrus hê nie. Hierdie onsekerheid skep dikwels 'n gevoel van fatalisme en hulpeloosheid.

(***Verlies aan vertroue in 'n getroue (en betroubare) God:***

Die raadpleeg van geeste van afgestorwenes, word baie duidelik deur God in die Ou Testament verbied *(Levitikus 19:31 asook 20:6 en 27; Deuteronomium 18:9-14 en Jesaja 8:19-20. Laasgenoemde teks is deur 'n plaaswerker in Zimbabwe gebruik om aan my te verduidelik hoekom dit in Zimbabwe gaan soos dit gaan.)*. Die verering van voorvaders verlam die gees van die mens, vervreem hom van God, breek sy selfvertroue af en beroof hom van 'n verantwoordelikheidsbesef.

(***Morele willekeurigheid:***

Wanneer die heilige en sondelose Christus van sy rol as Middelaar onthef en deur immorele geeste vervang word, is die weg gebaan vir 'n godsdiens wat nie morele eise aan mense stel nie. Dié geeste het nie 'n probleem met baie dinge wat die Skrif duidelik as sonde beskryf nie.

(*'n Swart leraar het by geleentheid ook aan my verduidelik dat die verering van voorvaders o.a. daartoe lei dat mense* ***nie regtig "vorentoe" kan dink en dus beplan nie.*** Die verlede domineer hulle denke.

(***Bogenoemde is reeds voldoende rede om te sê dat die verkondiging van Christus as die enigste Middelaar, die fondament van alle wesenlike bemagtiging en ontwikkeling is.***

5.3 Ubuntu: Afrika humanisme

Ubuntu *(Zoeloe)* en Botho *(Sotho)* is die uitdrukking van Afrika se siening van menswees. Dit word treffend uitgebeeld deur die Zoeloespreuk: *"Die mens is mens deur ander mense"* en deur gesegdes soos: *"Een vinger kan nie kos optel nie"* en ook: *"Armbande klingel as daar meer as een is."* Die mens op sy eie het geen waarde nie. *"Ek is, want óns is."* Die groep, en nie God nie, neem die sentrale plek in die mens se lewe in *(dis 'n humanistiese siening).* Nogtans kan Ubuntu nie sonder meer as *nét* sondig en verkeerd afgemaak word nie. ***Daar is kosbare elemente in Ubuntu wat veel beter aansluit by die Christelike gemeenskapsgedagte as wat die Westerse individualisme daarby aansluit.*** Nogtans lê die tradisionele siening van Ubuntu heelwat struikelblokke in die weg van ontwikkeling.

(Ubuntu ***demp persoonlike inisiatief en verantwoordelikheid.***

(Die sterk groepsgevoel van Ubuntu lei soms daartoe dat ***buitestanders maklik as vyande*** beskou word en dus met onverdraagsaamheid behandel word.

(***Hierdie groepsgevoel bepaal ook wat die tradisionele mens as reg en verkeerd beskou.*** Wat tot voordeel van die groep is, is goed en reg. Vir die Afrikamens is alles wat die goeie verhouding in die groep bevorder, moreel goed en reg. Dis verkeerd om iets te sê of te doen wat spanning in die groep bring. ***Ook alles wat spanning bring in die verhouding met die voorvaders is verkeerd (sonde!), want hulle is deel van die groep.*** Hierteenoor meet Westerlinge reg en verkeerd aan ***eienskappe*** soos eerlikheid, integriteit, bestendigheid, deursettingsvermoë en doelgerigtheid.
(***Ubuntu*** gee nie net vir mense wat aan 'n bepaalde groep behoort sekuriteit en steun nie; dit is óók die ***bron van konflik, jaloesie en emosionele spanning.*** Alle ongelukkigheid word toegeskryf aan iemand anders in die groep se haat en jaloesie teenoor die betrokke persoon.

5.4 Ubuntu: grond (of land) en besittings

In die gees van Ubuntu word grond deur die gemeenskap, eerder as deur die individu besit. Grond is 'n gawe van God aan die gemeenskap. Daarom kan grond ook nie gekoop of verkoop word nie. Die stamhoof mag grond uitdeel vir individuele gebruik, maar indien die grond nie meer gebruik word nie, val dit weer terug in sy hande. Elke lid van die gemeenskap het reg op 'n stuk grond, in ooreenstemming met die persoon se onmiddellike behoeftes. Die voorvaders speel ook 'n prominente rol in die gebruik van die grond. Hulle grafte in die grond bevestig dat die grond aan hulle behoort en dat hulle nasate die reg op daardie grond het.

(***Bogenoemde siening verskil radikaal van die Westerse kapitalistiese siening*** waar grond per titel-akte besit word en waar die eienaar volle seggenskap oor die gebruik van die grond het.

5.5 Wat is ons as Christene se taak?

Ek is ten volle daarvan oortuig dat die eerste, grootste en vernaamste bydrae wat *AMOS AGRIMIN;* die kerk; ander Christelike organisasies en individuele Christene tot suksesvolle grondhervorming kan lewer, is om te doen waarvoor ons in die eerste plek geroep is, naamlik ***die duidelike, verstaanbare en praktiese verkondiging van Christus*** aan die plaaswerkersgemeenskap en opkomende boere. As ons dit nie doen nie, wie gaan dit doen?

Wanneer Christus deur die geloof in mense kom woon, bemagtig Hy hulle meer en beter as enigiets anders. Trouens, Hy maak hulle heeltemal nuut *(2 Korintiërs 5:17).*

Die bemagtiging van swart en bruin opkomende kommersiële boere sal vanuit Bybelse perspektief dus nie afgehandel wees alvorens hulle nie bemagtig is om God ***in*** die landbou te dien nie - nie net op 'n Sondag ***langs of buite*** die landbou nie. Nie net met invaltyd ***voor*** die werk begin of ***na*** uitvaltyd wanneer almal klaar geboer het nie. ***Hulle moet bemagtig word hoe om 24 uur van elke dag onder leiding van die Woord en die Gees te boer. Een van AMOS se doelstellings is Christus-gesentreerde landbou.***



Daarom is die eerste stuk bemagtiging waarby jy betrokke moet raak, die verkondiging van Jesus Christus aan jou personeel. Die gevaar is natuurlik groot dat jy Christus uit selfsugtige redes en met onsuiwer bedoelings kan verkondig, soos sommige mense in die tyd van Paulus *(Filippense 2:15-18)* reeds gedoen het. Maar doen dit in elk geval, want dit is die regte ding om te doen, ter wille van die eer van God en die redding van jou personeel.

Opdrag 7

* *Watter bymotiewe het mense soms wanneer hulle Christus aan ander verkondig? En meer spesifiek: Watter bymotiewe kan werkgewers hê wanneer hulle die Evangelie aan werknemers verkondig?*

* *Is dit reg om Christus met bymotiewe aan mense te verkondig? Moet 'n mens dit dan nie liewer los nie? Hoekom huldig jy die standpunt wat jy inneem?*

* *Wat dink jy/julle is die primêre taak van die kerk en individuele Christene?*

Jy móét Christus aan die landelike en boerderygemeeskap verkondig én laat verkondig. Jy moet hulle help om bogenoemde struikelblokke in die weg van ontwikkeling, te oorkom. Só lewer jy reeds 'n groot bydrae om grondher-vorming in ons land te laat slaag.

HOOFSTUK 6
BASIESE VAARDIGHEDE (ROOT SKILLS)

Grond is nie die enigste vorm van kompensasie vir die onreg van die verlede nie. Dié onreg het ook daartoe gelei dat sekere individue en gemeenskappe arm is aan basiese vaardighede *(root skills)*. Daarom is die bemagtiging van mense met basiese vaardighede óók 'n manier om die oorblyfsels van onreg uit te wis.

Volgens navorsing het die manier waarop baie hulpverleningsprogramme aangepak is *(insluitend HOP)*, mense agteroor laat sit en hulle passief laat wag vir iets wat met hulle gaan gebeur. Die hulpprogramme het hulle meer en meer afhanklik gemaak. Dit het hulle uitgeskakel en geen verantwoordelikheid op hulle geplaas nie, behalwe om te ontvang. *(Daar word deesdae gepraat van ontvangersverantwoordelikheid, en dit is beslis meer as om net passief te ontvang.)* Die bemagtiging met ***"root skills"*** het ten doel om mense van die begin af ***aktief by die ontwikkelingsproses te betrek en hulle afhanklikheid geleidelik minder te maak!***

Prof. Eckhart Kassier van e-Mali Trust *('n organisasie wat landbou en kerke byeenbring om die landbou in onderontwikkelde gebiede te ontwikkel en mense se lewensgehalte te verhoog)* sê in die *Landbouweekblad* van 20 Desember 2002 dat plaaswerkers die beste kandidate is om as nuwe boere gevestig te word, maar hulle is ook die groep wat grootliks in landboubemagtiging afgeskeep word. Hy sê hulle het reeds die boerdery- en produksiekennis, maar ***nie "kantoorkennis" nie.*** In die *Landbouweekblad* van 4 Januarie 2002, sê ***dr. Gillingwe Mayende,*** die direkteurgeneraal van grondsake, dat hy besef alle plaaswerkers is nie boere nie. Dus meen hy dat diegene onder hulle wat op hulle eie grond wil boer, daarvan oortuig moet wees. ***"Hulle moet ook oor minstens die basiese vaardighede beskik",*** sê hy.

6.1 Wat is basiese vaardighede of root skills?

Daar is al verskeie kere na basiese vaardighede *(root skills)* verwys, maar wat presies word daarmee bedoel? Basiese vaardighede *(root skills)* is dié ***vaardighede wat onderliggend is*** (= root) aan alle ander vaardighede, hetsy handvaardighede, lewensvaardighede, boerderyvaardighede of beroepsvaardighede. Die wortel van 'n plant is onder die grond. Dit is nie met die eerste oogopslag sigbaar nie, maar dit anker en voed die plant. Dit maak dat die plant sy "roeping kan vervul" en vrugdra. Dit is presies wat met *"root skills"* bedoel

word. Basiese vaardighede ***word meestal informeel en onbewustelik oor 'n lang periode aangeleer en bemeester,*** maar ***kan ook formeel en bewustelik*** aangeleer word. Meestal dra ouers deur hulle opvoeding hierdie basiese vaardighede onbewustelik aan hulle kinders oor.

6.2 Voorbeelde van "root skills"

Die volgorde waarin "*root skills*" hier gegee word, is willekeurig en nie in die orde van belangrikheid nie. Wanneer jy dit deurlees, probeer die volgende vir jouself bepaal: ***Kan 'n werker wat nie oor dié betrokke "root skills" beskik nie, 'n suksesvolle eie onderneming (bv. 'n garage of boerdery) begin, selfs al het hy 'n besondere vermoë om met enjins te werk en jou trekkers baie goed in stand te hou?*** Hoe meer "*root skills*" ontbreek, hoe moeiliker sal dit natuurlik wees om 'n eie onderneming suksesvol te bedryf. Alle "*root skills*" is ook nie noodwendig altyd ewe belangrik nie.

In 'n afsonderlike studie word twee "*root skills*" van nader bekyk, naamlik die vermoë om probleme op te los *(nommer 8)* en om die besigheidskant van boerdery te verstaan *(nommer 24)*.

Root skills is die vaardigheid en vermoë om:

1. ***met begrip te kan lees.*** Dis een ding om woorde vlot te lees, maar dis 'n heel ander saak om te verstaan en te interpreteer wat jy gelees het;

2. ***self behoeftes te identifiseer en vooruit*** te kan ***dink*** en ***beplan*** hoe om dié behoeftes aan te spreek *(om 'n visie, drome en ideale te hê en dit na te streef) (Spreuke 4:25-26 en 21:5);*

3. sake ***krities te ontleed,*** alternatiewe teen mekaar ***op te weeg, keuses te maak*** en ***besluite te neem;***

4. ***pro-aktief*** te leef en ***geleenthede aan te gryp*** - eerder as om jouself gedurig as 'n slagoffer te sien: iemand met wie slegte dinge gebeur waaraan jy niks kan doen nie. Sien raak, waardeer en benut wat jy het - al is dit ook min. Moet jou nie blind staar teen wat jy nie het nie;

5. ***tyd*** sinvol te ***beplan*** en te benut;

6. ***verantwoordelikheid*** vir jou lewe en situasie asook die gevolge van jou keuses ***te aanvaar;***

7. ***verleenthede in geleenthede te omskep*** - besluit self hoe jy op situasies gaan reageer;

8. ***probleme op te los;***
   * *Die beste oplossing lê op presies dieselfde punt as die kern van die probleem;*
   * *Hou op om "stoute klip" te speel - aanvaar verantwoordelikheid;*
   * *Bedink wen-wen-oplossings - moenie probeer wen ten koste van ander nie;*

9. positief oor jouself te dink en te voel deur 'n ***positiewe selfbeeld,*** gebou op positiewe terugvoer en suksesse reeds behaal;

10. ***jouself te ken*** - jou eie gawes en vermoëns, maar ook jou swakhede en tekortkominge;

11. ***jouself te ontwikkel*** *(ontwikkel die drang na selfontwikkeling en aanvaar verantwoor-delikheid om persoonlik te groei)*;

12. ***bereidheid om geleer te word.*** Alle mense het nie 'n leerbare gees nie. Jy kan iemand wat nie wil leer nie, niks leer nie. *(Spreuke 10:8 en 17; Spr.13:14 en 18; Spr.15:31-32; Spr.18:1-2 en 15; Spr.19:2, 8 en 20; Spr.20:12 en 18; Spr.26:12)*;

13. in 'n ***span saam te werk*** aan 'n gemeenskaplike doel *(ook die vermoë om nie net saam met mense te werk nie, maar ook deur mense)*;

14. ***groepsdruk*** positief te verwerk en te benut, want suksesvolle mense word dikwels met agterdog bejeën *(selfhandhawing - want dikwels probeer die gemeenskap om dié een wat uitstyg, af te trek)*;

15. ten spyte van moeilike omstandighede ***te volhard*** *(deursettingsvermoë)*;

16. ***sukses en welvaart*** te kan hanteer *(Spreuke 13:11 - die gevaar bestaan ook dat die een wat in die grondhervormingsproses alles verniet kry, dit net so gou en so maklik weer gaan verloor)*;

17. goed te ***kommunikeer;***

18. ***konflik*** te hanteer *(waar 'n gemeenskap ryk aan konflik is, sal hulle arm bly in die ontginning van hulle potensiaal om as gemeenskap te ontwikkel). (Spreuke 26:17 en 20-21);*

19. jou persoonlike ***lewens- en werkruimte te orden;***

20. ***te meet om te weet*** *(omvattende rekordhouding ten einde ingeligte besluite te kan neem en basiese administratiewe vaardighede te bemeester);*

21. ***kennis*** wat jy op een terrein opgedoen het, ***oor te dra*** en op ’n ander plek en in ander omstandighede effektief ***toe te pas;***

22. jou ***emosies*** positief te beheer *(selfbeheersing)* - emosionele volwassenheid *(Spreuke 12:16; Spreuke 17:9; Spreuke 19:11 en 19; Spreuke 22:24-25);*

23. eenvoudige ***ekonomiese beginsels*** te verstaan en effektief te implementeer *(besigheidsintelligensie / finansiële kontrole en verslag);*

24. ***verstaan die besigheidskant van ’n boerderyonderneming;***

25. ***mense te ontwikkel (te bemagtig), te lei en te bestuur (leierskap en bestuursvaardighede);***

26. omvattende ***selfbeheersing en dissipline*** *(Spreuke 25:28);*

27. ’n ***Bybelse werketiek en werkywer*** *(dit staan teenoor luiheid of die verafgoding van werk sonder om te rus. Maar onthou, armoede veroorsaak ook depressie en ’n verlies aan werklus, wat maklik met luiheid verwar kan word. Armoede veroorsaak ook wanvoeding, wat weer aanleiding tot laer energievlakke en werkuitsette gee). (Spreuke 6:6-11; Spreuke 10:26; Spreuke 13:4; Spreuke 14:23; Spreuke 22:13; Spreuke 26:12-16; 2 Tessalonisense 3:6-12; Efesiërs 4:28 en 6:5-9; Kolossense 3:22 tot 4:1);*

28. **hoop,** want ’n verlies aan hoop is die ergste vorm van armoede wat daar is. *(Onthou ook, volgens Romeine 15:5 en 13 is God die bron van alle hoop. Wie sonder Christus is, is ook sonder God en sonder hoop - volgens Efesiërs 2:12. Daarom móét Christus aan mense verkondig word.)*

Opdrag 8

* *Is daar ander basiese vaardighede (root skills) waarmee opkomende kommersiële boere bemagtig behoort te word? Wat is dit? (Daarmee wil ek nie sê dat alle bestaande boere oor ál hierdie vaardighede beskik nie. Dis vaardighede wat ek en jy ook deurlopend moet aanleer, inoefen en steeds verbeter.)*

* *Kan iemand by wie die meerderheid van dié vaardighede nog ontbreek, suksesvol as ’n kommersiële boer gevestig word?*

JY MOET BETROKKE RAAK BY GRONDHERVORMING! Jy beskik waarskynlik in 'n groot mate oor meeste van hierdie *"root skills".* Dank die Here daarvoor en neem kennis dat dit die vaardighede en vermoëns is waardeur Hy jou in staat gestel het om te bereik wat jy bereik het. Kyk met nuwe oë na jou personeel. Kyk wie besit reeds van hierdie *"root skills" (want verseker is daar mense wat oor verskeie vaardighede beskik)* en begin help dié persoon om dit verder te ontwikkel en nuwe vaardighede aan te leer. Bid dat die Here aan jou die lus en die vaardigheid sal gee om hierdie *"root skills"* aan so veel as moontlik van jou personeel oor te dra. Belê in jou mense. Maak nou 'n punt daarvan om doelbewus oor dié dinge met hulle te praat. En moenie so besig raak om te probeer geld te maak dat jy vergeet om dié vaardighede ook aan jou eie kinders oor te dra nie.

KLEINGROEPBYEENKOMS 2

Ter voorbereiding: Lees bladsy 19 tot 32 in hierdie studie (hoofstuk 4 tot 6).

1. **Verklaring:** Herinner mekaar aan die doel van julle byeenkoms. Lees die volgende verklaring hardop saam: *"In gehoorsaamheid aan die Vader, Seun en Heilige Gees is ons bymekaar om God te aanbid en te verheerlik. Ons is hier om deur sy Woord en Gees en ons onderlinge gemeenskap toegerus te word om as God se boere, saam met God se mense, op God se grond, tot God se eer te lewe."*
2. **Lof en aanbidding:** Loof, prys en aanbid die Here.

3. **Onderlinge belangstelling in mekaar:** Maak julle byeenkoms werklik 'n ***omgee***-byeenkoms. Deel mekaar se lief en leed en bid vir mekaar. Onthou te alle tye om nie dit wat vertroulik in die groep gesê word, oor te vertel nie.

4. **Luister wat sê die Gees en die Woord:** Lees 2 Korintiërs 5:17-18a en Efesiërs 2:11-22. Wat is die boodskap wat die Here in dié gedeeltes aan julle wil gee?

5. **Bespreek die volgende vraag:** Waarom is *AMOS* se missie so belangrik, ook wanneer ons oor bemagtiging en grondhervorming praat. *AMOS* se missie is *om aan elke persoon in Afrika, wat deel van die landelike en boerderygemeenskap is, die geleentheid te bied om in 'n persoonlike verhouding met Christus te staan en volgende Bybelse waardes en norme te leef.*

6. **Getuig teenoor mekaar:** Gee aan elkeen wat die agtergrondstudie deurgewerk het, die **geleentheid om te sê** wat die Heilige Gees nog op sy of haar hart gelê het. Deel ook ander getuienisse met mekaar.

7. **Reik uit na die wêreld:** * Wat doen julle reeds om uitvoering aan die missie van *AMOS* te gee? * Bespreek en beplan ook die opleiding van julle personeel en/of enige ander uitreikaksies.

8. **Voorbidding:** Bid vir mekaar, *AMOS AGRIMIN*, die Evangelisering en opleiding van plaaswerkers en vir die landbou in die algemeen.

9. **Huishoudelike sake:** Beplan die datum, tyd, plek en onderwerp van die volgende byeenkoms. Eet en kuier lekker saam.

HOOFSTUK 7
DIE BEMAGTIGING VAN PLATTELANDSE GEMEENTES

Die bemagtiging van plattelandse gemeentes! *(Vergewe my as dit verwaand en aanmatigend klink óf die indruk skep dat plattelandse gemeentes "onmagtig" is. Dis nié wat ek bedoel nie. Op die vraag wie die gemeentes moet bemagtig, is die antwoord: Natuurlik doen die Here dit deur sy Gees en Woord, maar die kerk self het beslis ook 'n groot verantwoordelikheid.)*

Grondhervorming gaan nie net individuele boere direk raak nie, maar ook plattelandse gemeentes, ongeag of die gemeente self grond besit of nie. Ek maak slegs enkele opmerkings:

7.1 <u>Die kerk behoort op kerklike manier by die grondher-vormingsproses betrokke te raak</u>

Omdat die kerk ook grondeienaar is, kan die kerk moontlik grond beskikbaar stel om die proses aan te help. Maar dit sal nie veel meer as 'n ***simboliese daad*** wees nie. Die kerk kan egter 'n ***wesenlike bydrae lewer in die Evangeliese bemagtiging van mense.***

(Waar kan die kerk die grootste verskil maak? *(Veronderstel jy het 'n sirkel met 'n radius van vyf meter. As jy een meter by die radius byvoeg is die effek op die totale oppervlak baie groter as wanneer jy een meter by die omtrek byvoeg.)*



(Die kerk en *AMOS* kan moontlik saamwerk in die ontwikkeling van praktiese kursusse wat boere kan help om basiese vaardighede *(root skills)* aan plaaswerkers en opkomende kommersiële boere oor te dra.

7.2 Blanke plattelandse gemeentes gaan nog kleiner word

Die ***wit ontvolking*** van die platteland was tot op hede hoofsaaklik die gevolg van ***ekonomiese redes.*** In die toekoms gaan dit versnel as gevolg van ***politieke beleid.*** As 30% van alle kommersiële landbougrond in 2016 in swart en bruin hande is *(en dis mos slegs die eerste doelwit)*, watter effek gaan dit op plattelandse gemeentes hê?

(***Gemeentes sal bemagtig moet word om radikaal nuut te dink oor hulleself en die bekostigbaarheid van hulle strukture.*** Hulle sal nuut moet dink oor lidmaatskap, kerkeenheid en interkerklike samewerking. Hulle sal nuut moet dink oor die wesenlike van kerkwees. *(Ons kan moontlik 'n paar lesse by gemeentes in Zimbabwe gaan leer.)*

(Gemeentes sal bemagtig moet word om hulleself ***nie as slagoffers van die situsasie te sien nie.*** Hulle sal bemagtig moet word om van hulle verleentheid 'n geleentheid tot eer van God te maak.

7.3 Nuwe eise stel nuwe uitdagings, maar nuwe uitdagings stel ook nuwe eise

Wanneer lidmate voor nuwe uitdagings te staan kom en nuwe behoeftes ontwikkel, plaas dit ook die kerk en gemeentes voor nuwe uitdagings. Daar moet oor nuwe sake gepreek word; nuwe studies moet onderneem word; nuwe antwoorde moet gegee word.

(Plattelandse dominees sal gehelp moet word ***om lidmate prakties toe te rus vir 'n nuwe vorm van Christelike buurmanskap.***

(Plattelandse dominees sal gehelp moet word ***om lidmate prakties toe te rus om Jesus, Bybelse waardes, sowel as basiese vaardighede (root skills) effektief aan plaaswerkers oor te dra.***

7.4 Druk op plattelandse leraars

Bogenoemde nuwe uitdagings, saam met die vermindering in leraarsposte, plaas natuurlik baie groot druk op oorblywende leraars.

(Plaaslike gemeentes sal móét ***leer om hande te vat*** met ander kerke en Christelike organisasies, waarvan *AMOS* maar een is.

JY MOET BETROKKE RAAK BY GRONDHERVORMING! Begin praat *(asseblief tog positief)* oor dié saak in jou gemeente. Hoe gereed of bemagtig is julle? Moenie die probleem probeer weg wens of dood swyg nie. Dit hoort op die gemeente se agenda!

HOOFSTUK 8
SLAGGATE

8.1 Teen 2016 kan mense alweer die grond verloor het

Dis nie net die tempo waarteen grond oorgedra word wat gaan bepaal of die doelwit van 30% in 2016 bereik gaan word nie. Die vraag is ook: Hoeveel van die grond wat nou oorgedra word, gaan oor 12-13 jaar nog ekonomies deur dié nuwe eienaars benut word? Hoeveel het teen daardie tyd dalk al teruggeval na vorige eienaars? Trouens, as al die projekte wat sedert 1980 geloods is, suksesvol was, was ons moontlik reeds baie naby aan die doelwit van 30%. ***Indien die oordrag van grond nie deur voldoende en die regte opleiding voorafgegaan word nie, kan grond moontlik teen dieselfde tempo agter afval as wat ons dit voor oplaai.*** En só gaan ons nooit die doelwit bereik nie. Genoeg van die regte opleiding is dus vooraf noodsaaklik!

8.2 Verkeerdes kan die meeste baat vind

Daar is boere wat in grondhervorming allerhande geleenthede gesien het om van skuld ontslae te raak of hulself te bevoordeel. Dit het gelei tot agterdog en wantroue, ook teenoor diegene met eerlike en opregte motiewe. Baie swart mense is agterdogtig. Hulle sê die wit mense is slim genoeg om te sorg dat hulle weer die meeste voordeel uit die grondhervormingsproses trek.

Die gevaar bestaan ook dat kommersiële landbougrond vinnig deur swart bemagtigingsgroepe en/of politieke leiers opgeraap kan word omdat hulle rééds oor die ekonomiese vermoë en basiese vaardighede beskik. Die geskiedenis het geleer dat swart en bruin mense wat in bevoorregte *(en mags-)* posisies gekom het, dikwels ook uitbuiters en onderdrukkers van hulle eie mense is. *(Lees gerus ook Nehemia 5.)* Die onaanvaarbare situasie wat in ***Jesaja 5:8*** geskets word, bly dan steeds van krag. Vroeër of later sal dit katastrofiese gevolge hê.

Chikane het navorsing gedoen oor die effektiewe spandering van HOP-fondse, spesifiek in Soweto. Hy het bevind dat geweldig baie geld deur administrasie en organisasie opgeslurp is en dat gevestigde maatskappye veel meer by HOP baat gevind het as die armstes op die grond *(aldus die proefskrif van Schoeman - bl. 260).* Die groot vraag is: Wie gaan die meeste baat vind by grondhervorming in Suid-Afrika?

8.3 Wanopvattings en onrealistiese verwagtings

Daar is baie wanopvattings oor grondhervorming. Valse en onrealistiese verwagtings leef in grondhongermense se harte. ***Kommunikasie, kommunikasie en nogmaals eerlike kommunikasie is belangrik!*** Grondhervorming beteken nog nie hemel op aarde nie.

8.4 Misbruik van mense se grondhonger en die grondher-vormingsproses

Misbruik van mense se grondhonger en die grondhervormingsproses vir selfsugtige politieke en/of ekonomiese redes, moet ten sterkste afgewys word. Die hele proses moet gedra word deur naasteliefde; 'n begeerte om te dien en te bemagtig; 'n gesindheid wat ander hoër en belangriker ag as jouself.

8.5 Vriende kan vyande word

In Zimbabwe is boere wat vrywillig een of twee plase afgestaan het, ***nie beloon nie, maar "gestraf".*** Hulle ander grond is ook gevat. Boere wat 'n betekenisvolle bydrae tot grondhervorming lewer, ***móét op een op ander wyse beloon word.*** Dit sal hulle motiveer om meer te doen én ander om ook iets te begin doen. Vrywaring *(teen bv. "onteiening")* is ook 'n vorm van beloning. Dit kan voordele vir aktiewe medewerkers inhou indien hulle name êrens in 'n register aangeteken word, hoewel dit die noodwendige en negatiewe gevolg kan hê dat almal wie se name nié in die register opgeneem is nie, per implikasie op 'n *"ander lys"* geplaas word - asof hulle téén grondhervorming sou wees en eerste bygekom behoort te word. Asseblief nie! ***Hoe dit ook al gedoen word, medewerkers moet aangemoedig en beloon word en die staat moet daarteen waak om van vriende vyande te maak!***

Opdrag 9

* *Aan watter ander slaggate, waarop ons bedag moet wees, kan jy/julle dink?*

JY MOET BETROKKE RAAK BY GRONDHERVORMING! Wees bedag op moontlike slaggate en vestig ook ander se aandag daarop. Dis die dinge wat, na aanleiding van 'n Bybelse perspektief op lyding *(hoofstuk 2)*, bestry moet word.

HOOFSTUK 9
'N PLAN OM MEE AF TE SKOP ... ?

Miskien is daar veel meer planne as waarvan ek bewus is, ook baie goeie planne! Die wat daarmee besig is moet asseblief daarmee voortgaan. Ons moet ruimte laat vir ander om ook op ander maniere aan die proses deel te neem.

JY MOET BETROKKE RAAK BY GRONDHERVORMING. Daarom wil ek dit waag om die buitelyne van nog 'n plan te probeer trek. Die voordeel daarvan is dat jy dan iets op die tafel het om te evalueer, te kritiseer, alternatiewe daarop voor te stel of te wysig, en só by die proses betrokke te raak of te bly. 'n Plan help ook om na 'n bepaalde doelwit te werk. Dit gee koers, rigting en spoed. So, kom ons probeer. Lees dit egter teen die agtergrond van wat alles reeds gesê is.

9.1 ***Organiseer 'n verkennende gesprek*** tussen *AMOS AGRIMIN* en die kerk of kerke op die platteland waaraan die oorgrote meerderheid blanke kommersiële boere behoort, asook ander ter sake rolspelers om samewerkingsmoontlikhede te ondersoek.

9.2 **Identifiseer** so veel as moontlik ***Christenboere en gemeentes*** in wie se hart die Here die begeerte gelê het om 'n positiewe bydrae tot grondhervorming te lewer. *(Jou reaksie op hierdie studiestuk gaan al vir ons 'n goeie aanduiding wees oor wat die belangstelling is.)*

9.3 ***Stel 'n taakspan saam*** om 'n voorlopige projekplan met doelwitte en teikendatums op te stel. Bepaal watter bydrae elke rolspeler kan lewer en watter waarde hy/sy of hulle tot die projek kan toevoeg.

9.4 ***Skakel met*** georganiseerde landbou *(Agri SA en NAFU, die National African Farmers Union),* die regering en die privaatsektor ten einde hulle ondersteuning en/of samewerking vir die voorlopige plan te kry.

9.5 ***Verkry finansiële ondersteuning*** vir fase 1 van die projek, nl. navorsing.

9.6 Stel 'n ***interdissiplinêre navorsingspan*** saam om te bepaal wat die gemene deler in suksesvolle vestigingsprojekte is/was. Hulle moet ook bepaal wat die spesifieke behoeftes van alle rolspelers is, sowel as watter hulpbronne reeds beskikbaar is *(kundigheid, opleidingskursusse, ensovoorts).*

9.7 ***Moedig gewillige boere aan*** om onmiddellik die volgende te doen *(of daarmee voort te gaan indien hulle reeds daarmee begin het):*

9.7.1 om vanuit Christelike perspektief positief en opbouend aan die gesprek oor grondhervorming deel te neem;

9.7.2 om personeel te Evangeliseer en op te lei;
9.7.3 om potensiële kandidate vir vestiging aan die hand van die lys *"root skills"* te identifiseer, sonder om verwagtinge te skep;
9.7.4 om informeel, maar doelbewus meer basiese vaardighede *(root skills)* aan geïdentifiseerde persone oor te dra.

9.8 Stel aan die hand van navorsingsresultate 'n ***implementeringsplan*** op oor hoe om bestaande kommersiële boere *(insluitend die opleiding van mentors)*, nuwe boere asook plattelandse gemeentes te bemagtig.

9.9 ***Verkry finansiële ondersteuning*** vir die res van die projek.

9.10 ***Ontwikkel materiaal en kursusse*** aan die hand waarvan opleiding en bemagtiging kan plaasvind.

9.11 ***Identifiseer of skep strukture en kanale*** waarbinne opleiding en bemagtiging kan plaasvind. *(Dit sluit in moontlike groter samewerking met bestaande landbouskole en kolleges.)*

9.12 ***Implementeer, bestuur, evalueer (moniteer) en doen regstellings waar nodig.***

Opdrag 10

* *Waar sou jy/julle sê moet ons begin? Watter voorstel kan julle op die tafel sit?*

As ons op hierdie manier maar net 'n geringe bydrae kan lewer, net maar 'n honderd of twee boere help vestig, het ons al iets gedoen!

JY MOET BETROKKE RAAK BY GRONDHERVORMING! Jy kan 'n verskil maak. Moenie net bly hoop iemand anders gaan iets doen nie. Begin self om iets te doen. Laat asseblief van jou hoor!

SLOT

Elke Christen kan ’n ***wesenlike bydrae*** tot die proses van grondhervorming lewer! Die klem moet eerstens op die ***bemagtiging van alle rolspelers*** val. Ten opsigte van die opkomende kommersiële boere moet die klem op die ***bemagtiging in en deur Christus,*** met ’n spesifieke toespitsing op ***basiese vaardighede (root skills)***, val. Dis ***nie voldoende*** om net vir bestaande kommersiële boere te sê ***dát*** hulle hierin ’n belangrike rol het om te speel nie. Hulle sal ***gehelp en gewys*** moet word ***hóé*** om dit te doen. ***Praktiese, visuele en eenvoudige kursusse*** sal in hulle hande geplaas moet word. ***Vennote kan saamwerk*** om dié kursusse op te stel.

Die tyd en die geleentheid vir Christenboere om tot eer van God en tot voordeel van landbou ’n verskil te maak wat tot seën vir die hele Afrika sal wees, is hier. Nou moet ons nie huiwer nie, maar geloofsmoed aan die dag lê! In ***Spreuke 24:10*** staan: *“As jy weifel op die dag van nood, is jy nie opgewasse daarvoor nie.”*

Neem deel aan die gesprek! Word deel van die proses! Word deel van die *oplossing! Dink nuut, dink wyer!*



Laat asseblief van jou hoor!

*** L.G. Schoeman:** *Die omgeeparadigma in die missionêre bediening, met besondere verwysing na die werk van die NG Kerk in die Mnambithidistrik (Ladysmith) van KwaZulu-Natal.*

(Voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad D. Theol. in die Fakulteit Teologie, Departement Sendingwetenskap, van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. 30 November 2002.)

KLEINGROEPBYEENKOMS 3

Ter voorbereiding: Lees bladsy 33 tot 39 (hoofstuk 7).

1. **Verklaring:** Herinner mekaar aan die doel van julle byeenkoms. Lees die volgende verklaring hardop saam: *"In gehoorsaamheid aan die Vader, Seun en Heilige Gees is ons bymekaar om God te aanbid en te verheerlik. Ons is hier om deur sy Woord en Gees en ons onderlinge gemeenskap toegerus te word om as God se boere, saam met God se mense, op God se grond, tot God se eer te lewe."*
2. **Lof en aanbidding:** Loof, prys en aanbid die Here.

3. **Onderlinge belangstelling in mekaar:** Maak julle byeenkoms werklik 'n ***omgee***-byeenkoms. Deel mekaar se lief en leed en bid vir mekaar. Onthou te alle tye om nie dit wat vertroulik in die groep gesê word, oor te vertel nie.

4. **Luister wat sê die Gees en die Woord:** In Jesaja 5:8 tot 23 word daar vyf keer gesê: *Ellende wag ...* Lees Jesaja 5:8-10. Het dit enige toepassing op grondhervorming?

5. **Bespreek die volgende vraag:** Behoort *AMOS* en Christelike kerke by grondhervorming betrokke te raak *(wat AMOS aanbetref natuurlik in ooreenstemming met ons visie, missie en doelstellings, en wat die kerke aanbetref, op 'n kerklike manier)*? Motiveer jou standpunt.
6. **Getuig teenoor mekaar:** Gee aan elkeen wat die agtergrondstudie deurgewerk het, die **geleentheid om te sê** wat die Heilige Gees nog op sy of haar hart gelê het. Deel ook ander getuienisse met mekaar.
7. **Reik uit na die wêreld:** * Wat het julle al gedoen / wat kan julle doen aan die fisiese en emosionele nood van boere wat in Zimbabwe of plaaslik, deur grondeise hulle grond verloor het? * Bespreek en beplan ook die opleiding van werkers en/of enige ander uitreikaksies.
8. **Voorbidding:** Bid vir mekaar, *AMOS AGRIMIN,* grondhervorming en vir landbou in die algemeen.

9. **Huishoudelike sake:** Beplan die datum, tyd, plek en onderwerp van die volgende byeenkoms. Eet en kuier lekker saam.

Bylae A

BEMEESTER DIE VAARDIGHEID OM PROBLEME OP TE LOS
DEEL 1
5 Stukkies vir Invaltyd op die Plaas

INVALTYD - DAG 1: Lees Genesis 3:1-13 (veral 8-13)

Die tweejarige seuntjie hardloop om die huis. Sy voet haak agter 'n klip en hy val sy kniekop stukkend. Terwyl hy nog huil, tel sy ma hom op en loop na die klip. Toe slaan sy die klip terwyl sy sê: ***"Stoute klip,*** *hoekom het jy vir Fransie laat val? Ek sal jou leer om dit nie weer te doen nie!"* Toe slaan Fransie se ma weer die klip, totdat die klip ook kamma-kamma begin huil en sê: *"Ek is so jammer, ek belowe om nie weer stout te wees en vir Fransie te laat val nie."* Dit laat Fransie sommer baie beter voel, want alles is die ***stoute klip*** se skuld.

Omdat Frans se ma dikwels die ***stoute-klip-speletjie*** met hom gespeel het, het hy geleer dat alles altyd iemand anders se skuld is. Frans is later al in die hoërskool en hy ry elke oggend saam met die boer se vrou skool toe, maar hy is dikwels laat. Een oggend ry sy toe vir hom weg en hy kom heeltemal te laat by die skool. Toe die onderwyser met hom raas en wil weet hoekom hy nou eers by die skool aankom, antwoord hy: *"Die boer se vrou het vir my weggery, toe moes ek loop."* Sien, nou is die boer se vrou die ***stoute klip.*** Deur die skuld op die boervrou te pak, het Frans nog niks gedoen om die probleem op te los nie. Wat Frans eintlik moes sê, was: ***"Ek*** het nie ore nie, ***ek*** draai elke oggend. ***Ek*** was wéér laat, daarom het mevrou sonder my gery. ***Ek*** is skuldig. ***Ek*** is jammer." ***HOU OP OM ALTYD ANDER DIE SKULD TE GEE. BEGIN SELF IETS DOEN OM DIE PROBLEEM OP TE LOS*** - dit is wat Frans moet leer.

Die eerste mense wat ***stoute-klip*** begin "speel" het, was Adam en Eva. Hulle was ongehoorsaam aan God. Hulle het geëet van die boom wat God hulle uitdruklik verbied het om van te eet. Maar toe God Adam tot verantwoording roep, sê Adam: "Die ***vrou*** wat ***U*** my gegee het ..." Toe God Eva tot verantwoording

roep, sê sy: "Die ***slang*** ..." Elkeen pak die skuld op die volgende een. En sedert die paradys *"speel"* mense nog steeds ***stoute-klip*****.** Maar dit los geen probleem op nie. Daarom moet jy leer om ***OP TE HOU OM ALTYD ANDER DIE SKULD TE GEE. BEGIN SELF IETS DOEN OM DIE PROBLEEM OP TE LOS***.

Gebed: Here, ek is baie jammer dat ek altyd die skuld vir my foute en probleme op U en op ander mense pak. Vergewe my asseblief en help my om te erken wanneer ek verkeerd is. Amen.

INVALTYD - DAG 2: Lees Jakobus 1:13-15 en Numeri 11:1

Wie was sedert gisteroggend skuldig aan hierdie ***stoute-klip***-speletjie? Wie het gehoor hoe iemand anders ***stoute-klip*** gespeel het? Mense hou daarvan om die skuld vir alles wat verkeerd loop op iemand of iets anders te pak. Wanneer hulle ***stoute- klip*** speel, sê hulle eintlik: *"Jammer, maar omdat dit nie my skuld is nie, kan ek nie die probleem oplos of help oplos nie. Die wat skuldig is, moet die probleem oplos."* Maar as almal só sê, wie gaan die probleem oplos?

Wie is dan die ***stoute klip?*** Wie kry dikwels die skuld vir my en jou sonde, probleme en swaarkry? In die paradys het Adam in 'n sekere sin die ***skuld op God gepak*****.** *"Die vrou wat **U** my gegee het ..."* In Jakobus lees ons dat die Christene aan wie hy geskryf het, blykbaar ook ***stoute-klip*** gespeel het. As hulle sonde gedoen het, het hulle gesê dat die Here hulle versoek het. Daarom sê Jakobus baie duidelik: *Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: "Ek word deur God versoek," nie.* Moenie die skuld vir jou sonde op God pak nie. Jy word verlei deur jou eie begeertes wat jou aanlok en saamsleep. Jy maak verkeerde keuses. Dis jy wat nie na God luister nie. As jy met 'n ander man se vrou deurmekaar raak, is dit nie die Here wat julle vir mekaar lief gemaak het nie. As jy kwaad word, jou humeur verloor, iemand aanrand, en dan in die moeilikheid beland, kan jy nie die skuld op God pak nie. Dis nie die Here se skuld as jy nie met jou geld kan uitkom nie. Dis nie sy skuld as jy siek word van al die rokery en drinkery nie. Dis ook nie sy skuld as julle gedurig in die huis stry en baklei nie. Moenie sê: *"Here, dis hierdie man (of vrou) wat **U** vir my gegee het,"* nie. Dis nie die Here seskuld as jy te vinnig ry en dan in 'n ongeluk beland nie. As jy al jou skuld op die Here pak, sal jou probleme nooit opgelos word nie. ***HOU OP OM ALTYD ANDER DIE SKULD TE GEE. BEGIN SELF IETS DOEN OM DIE PROBLEEM OP TE LOS.*** Jy moet leer om stadiger te ry en meer verantwoordelik te bestuur. Jy moet besluit om niks te doen, te eet of te drink wat jou gesondheid benadeel nie.

Jy moet die oomblik wanneer jy agterkom dat jy iets of iemand begeer wat aan iemand anders behoort, dit dadelik bely en van die sonde af wegvlug.

Daar is ook baie mense wat die duiwel die skuld vir alles wil gee. Hulle praat van ’n *“Rookduiwel”*, ’n *“Drankduiwel”*, ’n *“Seksduiwel”*, ’n *“Vloekduiwel”* en ’n *“Steelduiwel.”* Hulle sien hulleself as slagoffers van al hierdie duiwels. Die duiwels laat hulle al dié verkeerde dinge doen, hulle kan nie anders nie. Daarom dink hulle die enigste oplossing is dat die duiwels uitgedryf moet word.. Hulle hoef nie self verantwoordelikheid vir die probleem te aanvaar of iets daaraan te doen nie. Die gevolg is dat dié probleme nooit opgelos word nie. ***HOU OP OM ALTYD DIE DUIWEL DIE SKULD TE GEE. BEGIN SELF IETS DOEN OM DIE PROBLEEM OP TE LOS.***

As alles op die plaas of in julle besigheid skeefloop omdat die beplanning en bestuur swak is, gaan dit nie help om die duiwel die skuld vir die chaos te gee nie. Dan moet julle die verantwoordelikheid aanvaar om beter te beplan en ’n beter bestuurstelsel te implementeer. ***HOU OP OM ALTYD ANDER DIE SKULD TE GEE. BEGIN SELF IETS DOEN OM DIE PROBLEEM OP TE LOS.***

Gebed: Here, vergewe my dat ek dikwels die skuld vir my sonde en probleme op U, die duiwel of ander mense pak. Leer my asseblief wat ek moet doen om my probleme op te los. Amen.

INVALTYD - DAG 3: Lees Genesis 3:1-13 (veral vers 12)

Mense gee nie net vir God en die duiwel die skuld vir hulle probleme nie, hulle beskuldig ook mekaar. Adam het gou die skuld op Eva gepak. En van daardie dag af beskuldig man en vrou mekaar heel dikwels. ***Stoute- klip*** word oor en oor gespeel. Die man sê: *"Dis my vrou se skuld dat ek by ander vrouens rondloop, want sy gee nie vir my seks nie."* Die vrou sê weer: *"Dis my man se skuld dat ek nie meer met hom wil seks hê nie, want hy gee my nie genoeg liefde nie."* Die vrou sê: *"Jy's nooit by die huis nie. Jy lê by jou vriende. Ek is nie vir jou belangrik nie."* Die man sê weer: *"Dis nie lekker by die huis nie, want by die huis hoor ek net heeldag hoe sleg ek is."* Dis baie duidelik dat daar 'n probleem in dié twee se huwelik is, maar as hulle aanhou om ***stoute- klip*** te speel en al die skuld op die ander een te pak, sal die probleem nooit opgelos word nie.

Wanneer jy 'n probleem het, of 'n probleem sien, moet jy dadelik twee vrae vra: Eerstens: *"Is die probleem nie op een of ander manier ook my eie skuld nie?"* En tweedens moet jy vra: *"Wat kan ek doen om die probleem te help oplos?"* Die man moet eers erken dat hy te veel by sy vriende kuier en dus sy huis en vrou afskeep. Die vrou moet erken dat sy dit nie vir haar man lekker maak om huis toe te kom nie. Eers dan, as hulle ophou om ***stoute-klip*** te speel, sal hulle dit regkry om hulle probleme op te los. ***HOU OP OM ALTYD ANDER DIE SKULD TE GEE. BEGIN SELF IETS DOEN OM DIE PROBLEEM OP TE LOS.***

Dis nie net mans en vrouens wat mekaar die ***stoute klip*** maak nie, kinders doen dit ook. As jy vir een vra waarom hy nie sy huiswerkgedoen het nie, sê hy: *"Ek wou, maar sussie het die hele middag geraas, ek kon nie leer nie."* Of hy sê: *"Die kleintjies wou hê ek moet saam met hulle balspeel, toe het ek nie tyd gehad om te leer nie."* As jy toelaat dat hy aanmekaar ***stoute-klip*** speel en die skuld vir sy luiheid op ander pak, gaan hy nooit leer om self verantwoordelikheid vir sy verkeerde besluite te aanvaar nie. Wanneer hy dan teen die einde van die jaar druip, is daar baie ***stoute klippe*** *wat die skuld kry. "Die onderwysers het nie die werk mooi verduidelik nie." "Die skool het nie ons boeke betyds vir ons gegee nie." "Ek kan nie by die huis leer nie, want ek het nie 'n kamer net vir myself nie."* Omdat dit ander mense se skuld is dat hy gedruip het, hoef hy niks aan die probleem te doen nie. Die kanse is dus goed dat hy die volgende jaar weer gaan druip.

In Spreuke 16:2 staan: *"In sy eie oë is alles wat 'n mens doen, reg, ..."* Daarom is dit nie altyd so maklik om te sien waar jy self iets verkeerd doen nie. Dis nie maklik om jou eie aandeel in 'n probleem raak te sien nie. Daarom moet jy bid en werklik vir die Here vra om vir jou te wys waar jy moet verander en wat jy moet doen om 'n probleem op te los. Dis ook goed om soms jou Christenvriende se raad te vra. Hulle kan jou help om nie net vir ander die skuld te gee nie, maar self iets aan die probleem te doen.

Wanneer daar 'n probleem is, moet jy altyd onthou: Die eerste ding wat jy moet doen om dié probleem op te los, is om nie al die skuld net op ander te pak nie, maar om verantwoordelikheid te aanvaar en self iets te begin doen.

Gebed: Vader, nou weet ek dat ek nie probleme in my huis kan oplos as ek altyd die skuld vir alles op ander pak nie. Help my om te verander en self iets aan die probleme te doen. Amen.

INVALTYD - DAG 4: Lees Eksodus 14:11-12 en 1 Samuel 15:20-24

In beide die gedeeltes lees ons van 'n probleem. In Eksodus is die volk vasgekeer teen die see, terwyl Farao, die koning van Egipte, hulle agtervolg. Hulle het so pas beleef hoe die Here hulle met tien groot wonderwerke uit Egipte gelei het, maar die oomblik toe hulle in die moeilikheid beland, pak hulle al die skuld op Moses: *"... Jy het ons saamgesleep om in die woestyn te sterwe. Wat het jy ons aangedoen ...? Ons het jou mos gesê om ons in Egipte te los."* As jy Eksodus en Numeri lees sal jy sien dat dit nie die eerste en laaste keer was dat die volk die skuld op hulle leier, Moses, gepak het nie. Alles was altyd Moses se skuld. Op 'n stadium het hulle selfs besluit om vir hulleself 'n nuwe leier te kies. Moenie doen wat hulle gedoen het nie.

By geleentheid was koning Saul ongehoorsaam aan die Here. Die Here het hom beveel om vir Amalek te gaan verslaan omdat die Amalekiete die Israeliete in die woestyn van agter af aangeval het *(1 Sam. 15:21)*. Hulle moes alles wat Amalek gehad het, om die lewe bring, ook al die mense. Maar Saul was ongehoorsaam en die oomblik toe die profeet van die Here hom konfronteer, sê hy: *"Die manskappe het egter uit die buit kleinvee en beeste gevat."* Later sê hy: *"Omdat ek vir die manskappe bang was, het ek..."* Wat Saul dus eintlik sê, is dit: *"Dis die manskappe se skuld. Hulle het druk op my geplaas."*

Dis vandag nog só. In ons land beskuldig verskillende groepe mekaar ook oor en weer. Witmense beskuldig swartmense en swartmense maak witmense weer die ***stoute klip.*** Bruinmense doen dieselfde. Mense wat voor 1994 'n bevoorregte posisie gehad het, beskuldig die huidige regering van korrupsie en swak regering, terwyl dieregering weer apartheid die skuld vir al hulle foute gee. Gemeenskappe beskuldig plaaslike owerhede van swak dienste, terwyl die plaaslike owerhede weer die gemeenskappe daarvan beskuldig dat hulle nie hulle dienstegeld betaal nie. Een ou kla: "Niemand wil vir my werk gee nie." 'n Ander sê: "Hy is sleg en wil nie werk nie." Ook werkgewers en werknemers hou daavan om oor en weer ***stoute-klip*** te speel. 'n Werknemer sê: *"Die boer betaal my te min."* Die boer sê: *"Ek kan nie waag om hom meer te betaal nie, dan drink hy nog meer."* Werkgewers sê vakbonde is die ***stoute klip*** wat arbeidsverhoudinge vertroebel, terwyl vakbonde weer die skuld op werkgewers pak. Solank almal ***stoute-klip*** speel, gaan nie een van die probleme opgelos word nie. ***HOU OP OM ALTYD ANDER DIE SKULD TE GEE. BEGIN SELF IETS DOEN OM DIE PROBLEEM OP TE***

LOS.

Wanneer daar ’n probleem in die gemeenskap, óf op die plaas is, óf in jou werk, óf by jou huis, moet jy altyd twee vrae vra. Eerstens: ***“Is die probleem nie op een of ander manier ook my eie skuld nie?”*** En tweedens moet jy vra: ***“Wat kan ek doen om die probleem te help oplos?”*** Is dit nie dalk ook jou eie skuld as jy te min geld verdien nie? Wat kan jy doen om meer geld te verdien? Is dit nie dalk jou skuld dat die blikke, papiere en gemors oral om jou huis rondlê nie? Wat kan jy doen om te sorg dat dit skoon en netjies om jou huis is? Is dit nie dalk ook jou skuld as daar ’n swak verhouding tussen jou en jou werkgewer of werknemer is nie? Wat kan jy doen om die verhouding te verbeter? Wat kan jy doen om ’n beter verhouding tussen verskillende groepe in ons land te bou? Jy kan ’n verskil maak, maar dan moet jy ophou om ***stoute- klip*** te speel.

Gebed: Here, help my om my deel te doen om probleme op te los. Wys my asseblief wat U wil hê ek moet doen. Amen.

INVALTYD - DAG 5: Lees Jesaja 53:4-12 en 1 Petrus 2:22-24

HOU OP OM ALTYD ANDER DIE SKULD TE GEE. BEGIN SELF IETS DOEN OM DIE PROBLEEM OP TE LOS, want teen hierdie tyd weet jy nou al dat probleme nie opgelos word as almal altyd ***stoute-klip*** speel nie. Maar om op te hou om jou skuld op ander te pak, is nie maklik nie, want nie een van ons wil graag erken dat ons ook skuldig is nie. Almal speel graag ***stoute-klip.***

Tog lees ons in die Bybel van een Man wat nooit ***stoute-klip*** gespeel het nie. Inteendeel, Hy was bereid om ons almal se ***STOUTE KLIP*** te word. Van hierdie Man lees ons in Jesaja 53 en 1 Petrus 2 dat Hy nooit sonde gedoen het nie. Hy was nooit skuldig aan enige iets nie. Hy was altyd volkome aan God gehoorsaam en alles wat Hy gedoen het, het Hy net uit liefde gedoen. Sy naam is Jesus.

Maar in die Bybel lees ons dat God, omdat mense 'n ***stoute klip*** nodig gehad het, besluit het om Jesus die ***STOUTE KLIP*** van die hele wêreld te maak. En Jesus was, omdat Hy die wêreld liefhet, bereid om almal se ***STOUTE KLIP*** te word. In Jesaja 53 staan dat, al het Hy geen misdaad gepleeg nie, en al was Hy nooit vals nie *(vers 9b)*, het die Here ons almal se sonde op Hom laat afkom *(vers 6b)*. Hy het die sondes van baie op Hom geneem *(vers 12)*.

In Jesaja 53 en 1 Petrus 2 lees ons ook dat Jesus, toe mense Hom die ***STOUTE KLIP*** gemaak het, nie teruggekap het en hulle weer die ***stoute klippe*** gemaak het nie. Hy het stilgebly. Hy het nie beledigings teruggegooi of mense gedreig nie. Inteendeel, Hy het vir dié mense gebid watHom die ***STOUTE KLIP*** gemaak het.

Deur self die ***STOUTE KLIP*** van die hele wêreld te word in plaas daarvan om ander mense die ***stoute klip*** te maak, het Jesus die wêreld se grootste probleem kom oplos. Hy het ook jou sonde en jou skuld op Hom geneem. Daarom hoef jy nie meer jou skuld op ander mense te pak en van hulle jou ***stoute klip*** te maak nie. Erken as jy verkeerd is. Bely jou aandeel aan 'n probleem. Neem daarna al jou skuld na Jesus en vra dat Hy dit alles sal vergewe. Vra Hom ook om jou te help om die probleem op te los.

Wanneer iemand weier om te erken dat hy ook vir 'n probleem verantwoordelik is en al die skuld net op jou pak, moet jy die voorbeeld van Jesus volg. Dan moet jy maar al die skuld vat en dit vir Jesus gaan gee. Daarna moet jy vir Jesus en ander vriende vra om jou te help om uit te vind wat regtig jou aandeel is en wat nie. Dan moet jy steeds alles doen wat jy kan om die

probleem te help oplos. Moenie aanhou om die ***stoute-klip-speletjie*** te speel nie. Dit bring geen oplossings nie.

Dit maak nie saak wat die omstandighede is nie - ***HOU OP OM ALTYD ANDER DIE SKULD TE GEE. BEGIN SELF IETS DOEN OM DIE PROBLEEM OP TE LOS.*** As jy geleer het om dit te doen, gaan jy nog ver in die lewe kom. Jy gaan 'n verskil op die plaas, in jou huis, by die werk, in die gemeenskap en in die kerk maak. As jy dit geleer het, het jy 'n baie belangrike vaardigheid aangeleer wat jou gaan help om 'n sukses van jou lewe te maak.

Gebed: Jesus, baie dankie dat U al my sonde en skuld op U geneem het. Dankie dat ek dit nie meer op ander hoef te pak nie, maar dit net voor U kan bely. Help my om nie ander te beskuldig nie. Leer my asseblief hoe om probleme op te los. Amen.

BEMEESTER DIE VAARDIGHEID OM PROBLEME OP TE LOS
DEEL 1
5 Stukkies vir Invaltyd op die Plaas

Invaltyd - Dag 1: **Lees Romeine 5:12-22**

Kyk mooi na die prent. Wat is die probleem? Sommige sê daar drup water uit die kraan. Ander sê die kraan lek en veroorsaak 'n gemors op die grond. Dis waar, maar is dit die werklike probleem? Nee! Dis die ***gevolg*** van die probleem. Die ***probleem self sien jy nie so maklik nie.*** Die werklike probleem is dat die kraan se wasser oud en stukkend is. As jy die probleem wil oplos, help dit nie jy droog aanmekaar net die water onder die kraan op nie. Dis ook nie die beste oplossing om lappe in die kraan se bek te stop of net 'n emmer onder die lekkende kraan te sit nie. **DIE BESTE OPLOSSING VAN 'N PROBLEEM LÊ BY DIE WORTEL VAN DIE PROBLEEM.** Daarom moet die wasser vervang word, want dis waar die eintlike probleem lê.

God self het vir ons kom leer dat **DIE BESTE OPLOSSING VAN 'N PROBLEEM BY DIE WORTEL VAN DIE PROBLEEM LÊ.** Die wortel van hierdie wêreld se probleme is dat Adam en Eva ***ongehoorsaam aan God*** was. Deur hulle ongehoorsaamheid het die sonde en die dood in die wêreld gekom (Romeine 5:12). Toe het alle mense begin sondig en die wêreld het boos en sleg geword (Romeine 5:19). Die beste oplossing vir dié probleem van *Adam se ongehoorsaamheid* sou wees dat iemand anders volkome gehoorsaam aan God moes wees. Daarom het God vir Jesus gestuur, en deur *Jesus se volkome gehoorsaamheid* aan God (Filippense 2:8), het Hy die wortel van die probleem kom oplos. Jesus het nie net gekom om sonde te vergewe nie, want dit sou dieselfde wees as om voortdurend maar net die water onder die lekkende kraan op te droog. Hy het die kraan kom heelmaak, die mense kom nuut maak. In Christus het God ons nuwe mense kom maak (2 Korintiërs 5:17-18a). As jy dink aan wat God gedoen het, moet jy onthou: **DIE BESTE OPLOSSING VAN 'N PROBLEEM LÊ BY DIE WORTEL VAN DIE PROBLEEM.**

Gebed: Dankie Here Jesus dat U volkome gehoorsaam aan God was, en so die wortel van hierdie wêreld se probleme kom oplos het. Dankie dat U nie net ons sonde kom vergewe het nie, maar ons kom nuut maak.

Invaltyd - Dag 2: Lees Jakobus 4:1-3

DIE BESTE OPLOSSING VAN 'N PROBLEEM LÊ BY DIE WORTEL VAN DIE PROBLEEM. Kom ons kyk na 'n voorbeeld: Op 'n sekere plaas of in 'n sekere gemeenskap is daar elke naweek die verskriklikste bakleiery. Elke Sondag preek die dominee: *Hou op met die bakleiery*. Elke Maandag sê die werkgewer weer: *Hierdie bakleiery oor naweke moet nou net hier end kry*! Maar alles help niks. Want sien, die probleem lê veel dieper as die bakleiery. Om dié probleem op die beste manier vir altyd op te los, moet jy weet waarom die mense baklei, want **DIE BESTE OPLOSSING VAN 'N PROBLEEM LÊ BY DIE WORTEL VAN DIE PROBLEEM.**

Miskien baklei die mense omdat hulle oor naweke niks te doen het nie. Daar is mos 'n spreekwoord wat lui: *Ledigheid is die duiwel se oorkussing*. Dit beteken, as iemand nie besig is nie, fluister die duiwel maklik in sy oor om kwaad te doen. Maar miskien lê die probleem nog dieper, by die onwettige sjebiens en die drankmisbruik oor naweke. Maar dalk is selfs dit nie die wortel van die probleem nie. Miskien drink en baklei mense gewoon omdat daar nie reëls en dissipline op die plaas of in die huis is nie. Miskien is die probleem dat ouers vir hulle kinders die verkeerde voorbeeld gestel het, en noudat hulle groot is, doenhulle maar net wat hulle van kleins af by hulle ouers gesien het. Baie ander dinge kan ook 'n rol speel, soos die gebrek aan leiers of rolmodelle in die gemeenskap wat vir die mense 'n goeie voorbeeld stel. Ook die teenwoordigheid en slegte voorbeeld van bendes kan 'n rol speel. Miskien is die kern van die probleem dat mense nooit die vaardigheid aangeleer het om konflik reg te hanteer nie, of dat hulle nie Christene is nie en nooit van kleins af Bybelse waardes en norme aangeleer het nie. Volgens Galasiërs 5:20-21 is vyandskap, haat, woede, rusies en dronkenskap die lewensstyl van mense wat nie deur die Gees gelei word nie, maar deur hulle eie sondige begeertes.

DIE BESTE OPLOSSING VAN 'N PROBLEEM LÊ BY DIE WORTEL VAN DIE PROBLEEM. Daarom moet jy altyd probeer agterkom wát die wortel van 'n probleem is. En onthou - al sien jy 'n plant se blare en vrugte, bly die wortel meestal onsigbaar onder die grond. Net so met 'n probleem - dit wat jy sien, is meestal nie die werklike probleem nie, maar net die ***gevolg*** van die probleem. Die wortel van die probleem lê meestal baie dieper.

Gebed: Here, wys asseblief vir ons wat die wortel van elke probleem is, sodat ons dit op die heel beste manier kan oplos. Leer ons hoe om 'n einde aan alle geweld en bakleiery in ons huise en in ons gemeenskap te maak.

INVALTYD - DAG 3: Lees Johannes 8:44

Die duiwel is ’n leuenaar en ’n moordenaar. Daarom wil hy graag jou lewe verwoes. Een manier waarop hy dit doen, is om vir jou te lieg. Wanneer jy ’n probleem het, gee hy vir jou verkeerde raad. Hy wil nie hê jy moet jou probleme oplos nie, hy wil hê jy moet in groter probleme beland.

Miskien gaan dit nie goed met jou nie. By die werk het jy moeilikheid en by die huis stry julle oor alles. Jou kinders is werkloos en jou ouers is sieklik en kry baie swaar. Jy moet almal help. Dan fluister die duiwel in jou oor: *Neem net ’n dop en jy sal baie beter voel. Dit sal jou help om jou probleme te vergeet.* Dis nie goeie raad nie, want dit los nie die werklike probleme op nie. **DIE BESTE OPLOSSING VAN ’N PROBLEEM LÊ BY DIE WORTEL VAN DIE PROBLEEM.** Daarom moet jy probeer vasstel waarom julle oor alles stry en waarom jou kinders nie werk kry nie. Om te drink, laat jou ’n rukkie van jou probleme vergeet, maar dit los nie ’n enkele probleem op nie. Drank maak jou probleme net groter en meer. Dit vat eers jou geld, dan jou gesondheid, daarna jou werk en jou vrou, en so hou dit aan totdat jy niks het nie.

Nog ’n voorbeeld: Dalk sukkel jy om met jou geld uit te kom. Jou eerste gedagte is: *Ek kry te min geld, en daarom is die enigste oplossing dat ek meer geld moetkry.* Maar meer geld gaan nie noodwendig jou probleme oplos nie. **DIE BESTE OPLOSSING VAN ’N PROBLEEM LÊ BY DIE WORTEL VAN DIE PROBLEEM.** Daarom moet jy probeer vasstel hoekom jy nie met jou geld uitkom nie. Dalk mors jy geld op drank, rook en Lottokaartjies. Miskien maak jy te veel skuld en moet dan duur rente betaal. Dalk is jy ’n swak boer of swak werker en daarom verdien jy nie baie geld nie. Dalk is dit omdat jy nie ’n begroting het, en nie boekhou van jou uitgawes nie. Jy moet by die wortel van die probleem uitkom en nie na die verkeerde raad van die duiwel luister nie. Hy sal jou aanmoedig om op verkeerde maniere meer geld in die hande te probeer kry. Hy sê: *Betaal jou werkers minder, speel die Lotto, steel ’n bietjie geld, moenie geld vir die kerk as dankoffer gee nie, wees oneerlik met jou belastingopgawe, maak meer skuld en betaal dit later, ensovoorts.* Die duiwel weet dat as jy dit doen, gaan jou probleme nie minder word nie, maar meer. Daarom moet jy onthou: **DIE BESTE OPLOSSING VAN ’N PROBLEEM LÊ BY DIE WORTEL VAN DIE PROBLEEM.**

Wanneer jy ’n probleem het, moet jy altyd versigtig wees, want dan kom die duiwel met allerhande slim oplossings wat nog nooit gewerk het nie. Elke keer vang hy weer mense met sy leuens.

Gebed: Here, help my om agter te kom wanneer die duiwel vir my lieg en my in nog groter probleme wil laat beland. Wys asseblief vir my wat die wortel van elke probleem is en help my om dit daar op te los.

Invaltyd - Dag 4: **Lees Maleagi 3:8-12**

Jy moenie dink dat dit wat jy sien of voel, altyd die eintlike probleem is nie. Dink weer aan die voorbeeld van die lekkende kraan. Die werklike probleem is nie die water wat aanhou drup nie, dit was die gevolg van die probleem. Die werklike probleem lê dieper - dis die stukkende wasser.

In Maleagi lees ons van reën wat wegbly, sprinkane wat die oeste opgevreet het en wingerde waaraan daar geen druiwe meer was nie. Maar dit was die gevolg van ’n probleem, nie die probleem self nie. Die werklike probleem was dat die volk van die Here nie meer hulle tiendes en dankoffers gegee het nie. As die volk dus dié probleem by die wortel wou oplos, moes hulle weer aan die Here gehoorsaam word en hulle volle tiendes gee. Probleme kan dus die gevolg van sonde wees, maar die Bybel leer beslis nie dat alle probleme die direkte gevolg van sonde is nie.

Kom ons kyk na twee voorbeelde: As jy aanhoudend kopseer kry, lyk die eerste en beste oplossing om ’n hoofpynpil of twee te drink. Dit neem die pyn weg, maar los nie die probleem op nie. Die kopseer is soos ’n motor se alarm wat afgaan, dit waarsku dat daar fout is. Om nou net die alarm af te skakel, maar nie te kyk waarom dit afgegaan het nie, istog dom. As jy aanhoudend kopseer kry, moet jy uitvind waarom dit so is. Jy moet by die wortel van die probleem uitkom, want **DIE BESTE OPLOSSING VAN ’N PROBLEEM LÊ BY DIE WORTEL VAN DIE PROBLEEM.** Dalk kry jy aanhoudend kopseer omdat jy verkeerd eet, te min slaap of te veel spanning beleef. Dan moet jy die probleem dáár oplos.

Nog ’n voorbeeld: ’n Sekere boord dra skielik een jaar baie minder vrugte as gewoonlik. Dit beteken duisende rande se verlies aan inkomste. Wat is die oplossing? Moet jy die boord meer water of kunsmis gee? Dit sal beslis nie help as die bome verkeerd gesnoei is nie. Moet jy ander snoeiers kry? Dit sal beslis ook nie help as die mense wat die vrugte uitdun, te veel vrugte uitgedun het nie. As die wind baie vrugte afgewaai het, is meer kunsmis en water, asook ander snoeiers nie die oplossing nie. Dalk is die probleem diefstal, óf swak bestuur en kontrole. Ook onduidelike opdragte kan probleme veroorsaak. Jy moet dus eers vasstel wat die oorsaak van die probleem is, voordat jy dit probeer oplos. Onthou, **DIE BESTE OPLOSSING VAN ’N PROBLEEM LÊ BY DIE WORTEL VAN DIE PROBLEEM.** Soms kan daar ook meer as een oorsaak vir ’n probleem wees.

Gebed: Here, help my om nie net te probeer om van die slegte gevolge van ’n probleem ontslae te raak nie, maar om werklik by die wortel van die probleem uit te kom en dit daar op te los. Wys ook vir my as die probleem dalk die gevolg van my sonde en ongehoorsaamheid is.

Invaltyd - Dag 5: **1 Korintiërs 6:12-20**

Jy het nou reeds geleer dat God die probleem van hierdie wêreld by sy wortel opgelos het. Adam was ongehoorsaam en daardeur het hy die sonde en die dood in die wêreld gebring. Daarom het God vir Jesus gestuur. Deur sy gehoorsaamheid het Hy vir ons nuwe lewe gebring. Jesus het nie net mense se sonde kom vergewe nie, maar mense kom nuut maak, want **DIE BESTE OPLOSSING VAN 'N PROBLEEM LÊ BY DIE WORTEL VAN DIE PROBLEEM.** Jy't ook geleer dat die duiwel vir jou lieg en verkeerde oplossings aan jou voorhou om jou in groter moeilikheid te laat beland. Jy moet hom nie glo nie. Probeer vasstel wat die wortel van die probleem is.

Om werklik agter te kom waar die wortel van 'n probleem lê, moet julle met mekaar oor julle probleme praat. Kom ons oefen om dit te doen, deur oor MIV/VIGS te praat. Dis 'n probleem wat ons almal raak. Gesels daaroor aan die hand van die volgende paar vrae. Probeer vasstel wat die wortel van die probleem is en hoe almal kan saamwerk om dit op die heel beste manier op te los, of te voorkom dat dit verder versprei.

* Wat is ***die probleem?***
* Is vigs werklik die probleem, of is dit maar net die ***sigbare gevolg*** van 'n dieperliggende of ander probleem?
* Noem ***alle moontlike oorsake*** vir die probleem. (Onthou, verskillende mense sien gewoonlik ook 'n probleem op verskillende maniere.)
* Watter van dié dinge dink julle is die ***wortel, die werklike probleem?***
* Watter ***verkeerde oplossings*** bied die duiwel aan mense? *(Dink maar aan sangomas wat lieg en sê dat jy van vigs genees kan word as jy seks het met 'n kind wat nog nooit voorheen seks gehad het nie. Met die verkeerde raad wil hy mense in groter moeilikheid laat beland en kinders se lewens verwoes.)*
* Wat moet julle ***doen*** om die probleem die ***heel beste op te los?***
* Wat moet julle ***doen*** om die probleem te help ***voorkom?***

DIE BESTE OPLOSSING VAN 'N PROBLEEM LÊ BY DIE WORTEL VAN DIE PROBLEEM, maar onthou, daar kan meer as een oorsaak vir 'n probleem wees en daarom ook meer as een ding wat julle moet doen om dié probleem op te los. Dis baie belangrik om almal saam te werk om die probleme op julle plaas en in julle gemeenskap op te los. Elkeen moet sy deel doen. Dit help nie om net die skuld vir 'n probleem op iemand anders te pak nie.

Gebed: Here, gee ons asseblief die vaardigheid om probleme reg op te los. Leer ons om elkeen ons deel te doen om probleme te voorkom. Ons bid ook dat almal in hierdie land sal help om die verspreiding van MIV/VIGS te bekamp. Help ons om nie seksueel losbandig te lewe nie, maar slegs met dié man of dié vrou met wie ons wettig getroud is, seks te hê.

Bylae B

(Voorbeeld van ’n Basiese Vaardigheid / Root Skill)

VERSTAAN DIE

BESIGHEID VAN BOERDERY

NOTAS:

1. Hierdie is nie ’n volledig uitgewerkte kursus nie, maar ***slegs voorlopige notas*** aan die hand waarvan ek besig is om my eie plaaswerkers op te lei. Dis nie eers geproeflees nie. Dit word slegs ter illustrasie bygevoeg!
2. In ’n een-tot-een situasie, of wanneer opleiding in ’n kleingroep geskied, moet ***so veel as moontlik praktiese voorbeelde*** uit die spesifieke boerdery op elke punt gebruik word om te verduidelik wat presies in die praktyk bedoel word.
3. Kommentaar en terugvoer sal baie waardeer word. Dit sal my in staat stel om dié ***root skill*** verder uit te werk en ook ander boere te help om dit prakties aan hulle personeel oor te dra.

Baie dankie: Hennie Viljoen - *083 2 33 44 33 (AMOS AGRIMIN)*

Weergawe 1 - 1Julie 2003

Primêre boerdery aktiwiteite ↓	6 besigheidsfunksies wat jou besigheid ***ondersteun***					
	1. Finansies	2. Personeel	3. Logistiek	4. Inligting	5. Skakeling	6. Bemarking
						
						

1. DIE BESIGHEID VAN BOERDERY

Elke besigheid en elke boerdery bestaan uit *twee dele*. Die *primêre deel* en die *ondersteuningsdeel*. Die primêre deel van elke besigheid of boerdery kan verskil van die primêre deel van ander besighede en boerderye. Die ondersteuningsgedeelte van alle besighede is grootliks dieselfde. Ek verduidelik verder:

2 PRIMÊRE BOERDERYAKTIWITEITE:

2.1 Dit is die doel en rede vir die bestaan van jou boerdery.

2.2 Dit hou verband met die verskillende bedryfstakke in jou boerdery.

2.3 Dit is die goed wat geld inbring! ***Dit gee jou geld!***

2.4 Meeste boere het besluit om te boer omdat hulle baie van hierdie boerderyaktiwiteite hou en baie lief is vir die veld en buitelewe, asook om met diere, plante en bome te werk.

2.5 Meeste plaaswerkers kan ook as kundiges op hierdie terrein beskou word. Hulle weet in baie gevalle meer van die veld, diere, plante en bome as die boer self.

2.6 Jou visie, missie en doelstellings moet met jou primêre boerderyaktiwiteite verband hou en nie met die ondersteuningsfunksies nie.

3 ONDERSTEUNINGSFUNKSIES:

3.1 Dit is nie die rede waarom jy boer nie.

3.2 Dit is presies wat die naam sê - dit ondersteun net jou boerdery. Dit help jou om jou doel te bereik.

3.3 Hierdie dinge vra geld! ***Dit kos jou geld!***

3.4 Elke nuwe "projek" het implikasies vir elke ondersteuningsfunksie - nie net vir finansies nie. Omdat dit vergeet word, loop baie nuwe projekte wat met entoesiasme begin word, gou weer dood. Dink maar wat verander alles as jy besluit om nie meer met wyndruiwe nie, maar met uitvoer-tafeldruiwe te boer. Wat verander nie alles as jy van vleisproduksie verander na melkproduksie of die teel van stoetbeeste nie?

3.5 Die boer se vrou kan 'n baie belangrike rol in die noodsaaklike ondersteuningsfunksies speel. Sy kan gerus meer oor die verskillende terreine lees en studeer. 'n Boer kan ook van sy werknemers bemagtig om sekere van dié funksies te behartig.

3.6 Baie boere hou niks van hierdie goed nie. Hulle "haat" papierwerk en "vlug" uit die kantoor uit.

3.7 Meeste plaaswerkers het geen of baie min kennis van hierdie ondersteuningsfunksies.

3.8 Beperk ondersteuningsfunksies tot die noodsaaklike maar effektiewe minimum.

4. DIE VERHOUDING TUSSEN PRIMÊRE BOERDERYAKTIWITEITE EN ONDERSTEUNINGSFUNKSIES.



4.1 Kom ons sê die appel is die doel van ons boerdery. Dis die primêre boerderyaktiwiteit. Die hand is die ondersteuningsfunksies. As die hand ***ver onder die appel*** is, kan dit die appel ondersteun? Nee, die appel sal val. As jou ondersteuningsfunksies te klein en swak is in vergelyking met die grootte van jou boerdery, kan dit nie jou boerdery ondersteun nie en gaan jou boerdery val (misluk ???). Te min mense, te swak bemarking, te ou en stukkende gereedskap en verkeerde inligting kan jou boerdery laat val. (misluk .. ????)



4.2 As jou ondersteuningsfunksies groter, beter en duurder is as wat vir jou nodig is om effektief te kan boer, dan gaan jou boerdery ook val (misluk ???). Te veel trekkers, te duur bakkies, te mooi huise, te baie werkers en te duur toerusting kan ook jou boerdery se ondergang beteken.



4.3 Daar moet 'n perfekte verhouding of balans tussen jou primêre boerderyaktiwiteite en die ondersteuningsdienste wees. Ons praat van die effektiewe minimum, dit is so min as moontlik, maar nie te min nie. Jy kan nie R500 aan bemarking spandeer as jy net 'n R1000 se produkte wil verkoop nie, maar as jy net R5 span-deer, gaan jy dalk te min vir jou produkte kry en só skade ly.

5. KOM ONS KYK WAT LEER DIE HERE ONS IN SY WOORD:

5.1 In ***Spreuke*** leer die Here ons die kuns om reg te lewe. Daarom verwys ek graag na dié boek as die boek van die ***lewenskunde*** (ons praat tog van sterrekunde, wiskunde en aardrykskunde).

5.2 Lees ***Spreuke 24:27.*** Wat is volgens die teks die belangrikste? Die bou van 'n huis of om jou lande te bewerk? Die logistieke ondersteunings-funksie of die primêre boerderyaktiwiteit?

5.3 Lees ***Spreuke 27:18; 27:23-27 en 28:19.*** Watter voordeel het dit om jou aandag aan jou primêre boerderyaktiwiteite te spandeer?

5.4 Met watter nuttelose dinge kan mense hulleself op die plaas besig hou?

6. WAT IS VAN BELANG BY ELKEEN VAN DIE ONDERSTEUNINGSFUNKSIES? JY MOET ONDER ANDERE DIE VOLGENDE WEET:

1. Finansies

<u>Jy moet kennis hê van</u>:

* Wat is aanvangskapitaal?
* Wat is insetkoste?
* Wat is produksiekoste?
* Wat is die verskil tussen bruto en netto wins?
* Hoe bereken 'n mens die koste van skuld?
* Finansiële rekordhouding, beplanning en bestuur.
* Ensovoorts?

2. Personeel

<u>Jy moet kennis hê van</u>:

* Personeeladministrasie, kontrakte en diensvoorwaardes;
* Sekere wetlike bepalings;
* Die motivering van personeel en personeelbestuur;
* Berekening van produktiwiteit en bepaling van dienooreenkomstige lone;
* Hoeveel personeel word benodig?
* Ensovoorts.

3. Logistiek

<u>Jy moet kennis hê van</u>:

* Beplanning en koördinering: Wie werk wanneer, waar, en met watter gereedskap?
* Watter voorraad kunsmis of draad moet ek wanneer bestel om dit betyds beskikbaar te hê? Ensovoorts.

<u>Jy moet genoeg en korrekte inligting tot jou beskikking hê om goeie besluite te kan neem. Daarom moet jy</u>:

4. Inligting

* Meet om te weet;
* Watter inligting is belangrik?
* Waar kry ek watter inligting?
* Leer hoe om inligting te bêre sodat jy dit weer maklik in die hande kan kry.
* Ensovoorts

5. Skakeling

<u>Jy moet weet</u>:

* Met wie moet ek praat as ek iets wil aankoop of verkoop?
* Wie is die mense met wie ek saamwerk en vir wie vra ek raad?
* Skakeling met koöperasies, ander boere en die boerevereniging.
* Ensovoorts

<u>Dis een van die heel belangrikste onder-steuningsfunksies. Daarom moet jy weet</u>:

6. Bemarking

* Hoe bereken ek my verkoopprys?
* Hoe beïnvloed vraag en aanbod die prys van produkte?
* Hoe, waar en wanneer bemark ek my produkte?
* Aan wie bemark ek my produkte?
* Hoe beperk ek my risiko's en maak ek seker dat ek my geld kry?
* Ensovoorts.

In ’n boerdery het die primêre funksie meestal te doen met die kos wat ons vir mense produseer. Dis ’n wonderlike opdrag en geleentheid wat ons het, want ons Vader in die hemel voed en klee mense deur die werk wat ons elke dag doen. Dank Hom vir die voorreg wat Hy aan ons gee om sy medewerkers te wees!